Die Joodse oorblyfsel en die Boodskapper van die verbond: ’n studie van die Boek van Maleági

Deur Jacob J. Scholtz, 21 November 2015

Inleiding

Hierdie merkwaardige boek is amper 2 500 jaar gelede geskryf vir Jode wat ná die Babiloniese ballingskap teruggekeer het na Israel. Hulle het op die profete Jesaja en Jeremia ag geslaan en die Beloofde Land ingegaan. Die tempel en Jerusalem se mure is herbou. Maar die essensiële deel van die restourasie het ontbreek: baie het hul liefde en vrees vir die HERE van die leërskare verloor. Uiteindelik sal Eségiël se tempel in die stad van die groot Koning gebou word. Uiteindelik sal die profeet Elía die harte van die vaders terugbring tot die kinders en die Joodse oorblyfsel sal die Messiaanse koninkryk ingaan. Tot dan bly dié merkwaardige boek steeds van toepassing, nie slegs vir die Israel van God nie, maar vir almal wat die Here soek, die Boodskapper van die verbond, wat binnekort sal terugkeer.

Skrywer

Niks is bekend omtrent die persoon wat die boek geskryf het nie; daar is niemand in die Ou Testament met hierdie naam nie. Baie verstaan “Maleági” (1:1) as ’n titel eerder as ’n naam. “Maleági” beteken “my boodskapper” of “die boodskapper van Jehovah” (*Malachiyyah*). Die Targoem, ’n antieke Aramese vertaling en parafrase van die Ou Testament, het die boek toegeskryf aan Esra; die Talmoed sê dat Mórdegai die skrywer was (Constable 2015:1). Dit is egter onwaarskynlik, want as Maleági nie die profeet se naam was nie, sal dit die enigste profetiese boek in die Ou Testament wees wat anoniem of onder ’n skuilnaam geskryf is (vgl. Archer 1964:415). Daar word nie na Maleági in die derde persoon voornaamwoord (“sy”) verwys nie, maar na “my” boodskapper (Kaiser 1984:13). Die “boodskappers” in die boek word verstaan as (ook) van menslike aard (1:1; 2:7; 3:1; 4:5). Hoewel Maleági ’n uitsonderlike naam gehad het, is hy ’n werklike persoon, een van drie ná-ballingskap profete (naas Haggai en Sagaría) wat deur God geïnspireer is om te skryf.[1]

Datum en plek

Binneleidrade help om te bereken wanneer die boek geskryf is. Die HERE van die leërskare vra vir die priesters, wat blinde, lam en siek diere geoffer het, of hulle dié

[1] Ook Jona en Hábakuk het ongewone name.

diere vir hul "goewerneur" sou bring (1:8). Die woord "goewerneur" is *pehah*, 'n Persiese titel (vgl. Esra 5:3, 6, 14; 6:6-7; Daniël 3:2-3, 27).

Haggai het die Jode dringend gemaan om die tempelbou af te handel (Haggai 1:4-8) en Sagaría het geskryf toe die herbou van die tempel reeds 'n aanvang geneem het (Sagaría 1:1, 7). In Maleági is die die tempel in Jerusalem reeds klaar gebou, want offers en tiendes moes na die tempel geneem word, dit wil sê na die "skathuis" in Jerusalem (1:10; 3:10). Maleági is dus die laaste van die drie ná-ballingskap profete.

Verdere leidrade omtrent die datum van die skrywe word verkry deur 'n vergelyking van Maleági en Nehemía. Soos Kaiser (1984:16-17) uitwys, word dieselfde aangeleenthede dikwels in hierdie boeke gevind: korrupsie van die priesterdom (Nehemía 13:7-9; Maleági 1:6-2:9), versuim om onder die Mosaïese verbond tiendes te betaal (Nehemía 13:10-14; Maleági 3:8-10), huwelike met heidense vroue (Nehemía 13:23-27; Maleági 2:11-15), en ander sosiale onregte (Nehemía 5:1-13; Maleági 3:5). Maleági is ná Haggai (omtrent 520 vC) en Sagaría (omtrent 518 vC) geskryf, asook nadat Ester koningin geword het van die Persiese Ryk (in 479 vC). Nadat die tempel herbou is, het 'n tydperk van geestelike agteruitgang en wanpraktyke ingetree, maar dit het langsamerhand gebeur (1:6-8; 2:1-9; 3:6-12). Sonder om te dogmaties daaromtrent te wees, het Maleági waarskynlik geskryf tydens Nehemía se dienstydperk (445-420 vC), miskien tussen 432 vC en 431 vC toe Nehemía nie in Jerusalem was nie (Fruchtenbaum 2005:5; Coupar 2015:1). Constable (2015:4) gee hierdie insiggewende voorstelling van Israel se ná-ballingskap restourasie tydperk:



Historiese agtergrond

In die tweede helfte van die vyfde eeu voor Christus het die tye van die heidennasies verloop tot by die tweede van die vier heidenryke. In dieselfde nag toe die skrif teen die muur verskyn het, in 539 vC, het die Perse Babilon ingeneem (vgl. Daniël 5). Die Persiese Ryk het bestaan tot 333 vC toe Aleksander die Grote Babilon verower het.

Die edik van Kores het die Jode toegelaat om in 538 vC na Israel terug te keer (vgl. Jesaja 45). Gedurende die volgende ongeveer 20 jaar het 49 897 ballinge saam met Serubbábel en Josua na die land teruggekeer (Esra 2:64-65; Haggai 1:1). Later het nog Jode saam met Esra (458 vC) en toe saam met Nehemía (444 vC) teruggekeer. Haggai en Sagaría was profete vir Serubbábel, maar Maleági was 'n profeet vir Nehemía (Fruchtenbaum 2005:5). Maleági se oorspronklike gehoor is daardie Jode wat na Israel teruggekeer het; die plek waar hy geprofeteer het was waarskynlik Jerusalem.

Die omstandighede in daardie tyd in Israel was moeilik. Aanvanklik het die terugkerende ballinge die tempel herbou, maar hulle sou later ernstige teenstand ondervind om die muur te herbou (Nehemía 4:1-6:19). Die Jode moes weer van heel voor af die Wet van Moses geleer word (Nehemía 8:8). In Maleági se tyd is die restourasie van die tempel voltooi, maar dit was sonder die luisterrykheid van Salomo se tempel (vgl. Haggai 2:3). Daar was sprinkaanplae en die oeste was swak (Maleági 3:11). Dit is egter veral die geestelike toestand van die volk Israel wat die HERE deur Maleági aangespreek het het.

Daar was waarskynlik in Israel se midde towenaars, egbrekers, meinediges en diegene wat hul werkers uitgebuit het (vgl. Maleági 3:5). "'n Volk wat bereid is om God te dien met offers wat hulle nie sal waag om vir hul heidense goewerneur (1:8) aan te bied nie, is 'n volk wat sy perspektief van God as hul Vader en Here verloor het (1:6)" (Verhoef 1987:160). Die volk se geestelike, etiese en morele ingesteldheid was baie laag (Constable 2015:4).

Alhoewel sommige van die tempel rituele volgens die Wet van Moses onderhou is, was dit ritus sonder realiteit (vgl. Fruchtenbaum 2005:5). God bestraf hierdie vormgodsdiens. Dit is hierdie koue en dooie formalisme wat oor die volgende vier eeue sou ontwikkel in die tradisies en oorleweringe van mense wat bo God se Woord verhef sou word (vgl. Matthéüs 15:9).

Die Jode het Maleági beskou as die "seël van die Profete" of, "die laaste onder hulle" (Verhoef 1987:153). Maleági was ook die laaste van die twaalf Klein Profete. God het nie weer 'n boodskapper gebruik voor meer as 400 jaar later nie, toe Johannes die Doper driftig uitgeroep het, "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matthéüs 3:2; vgl. Jesaja 40:3; Maleági 3:1a).

Teologiese beklemtoning en belangrike temas

Volgens Kaiser (1984:11) het die Jode wat na Israel teruggekeer het, waarskynlik 'n glansryke tempel (vgl. Eségiël 40-48; Haggai 2:9), 'n vrugbare en geseënde land (vgl. Eségiël 34:26-30), 'n groot bevolking (Jesaja 54:1-3), en die regering van die Messias verwag (vgl. Jeremia 23:5-6). Die boek Haggai eindig immers met die profesie dat die heidenryke se mag verbreek sal word (2:20-23). Ook die boek Sagaría eindig met 'n wonderlike profesie van die regering van die Koning, die HERE van die leërskare vanuit Jerusalem (14:16-21). Die Jode het — en het steeds! — rede gehad om groot dinge te hoop en te verwag.

Dit is egter nie wat in Maleági aangetref word nie. Geestelike onverskilligheid het ingetree. God se liefde is betwyfel (Maleági 1:2-5). Daar was 'n korrupte en ontwyde priesterdom (Maleági 1:6-2:9) en die volk was ewe sondig (Maleági 2:10-16), en het selfs God se geregtigheid bevraagteken (Maleági 2:17-3:6). Hulle het van die Wet van Moses afgewyk (Maleági 3:7-15). Die land het swak oeste opgelewer en net 'n paar Jode het die HERE opreg gevrees (3:11, 16-18). Die altaar, die tempel en die mure van Jerusalem was alles herbou, maar Israel se verhouding met God was steeds stukkend. As Israel nie terugkeer na die HERE van die leërskare nie, sal God se oordeel hulle in die Dag van die HERE inhaal (Maleági 3:2-5; 4:1-6).

God neem die inisiatief en wil die verhouding herstel. Uit 55 verse in Maleági, is 47 'n eerste persoon pleidooi van die HERE. Maleági verwys dikwels na God as die "HERE van die leërskare" of, in Hebreeus, "Jehovah Saboath".[2] Die naam "Jehovah" (of "HERE") onderstreep God se verbondsverhouding met Israel as haar Verlosser (Exodus 19:3; Jeremia 31:31-34; vgl. Verhoef 1987:181). As sodanig is God die Vader van Israel (Maleági 1:6; 2:10). Maar God is ook die HERE van die (kryger) leërskare, waar die woord "leërskare" verwys na hemelliggame, engele, heiliges, en sondaars (Scofield 2002:382). God is die Koning en sy Naam moet geëer word (Maleági 1:5, 11, 14; 2:2). Deur die kombinering van twee titelname van God – die HERE van die leërskare – benadruk Jehovah Saboath dat Hy die Verbonds-Verlosser-Vader-Koning van Israel is.

Hierdie boek beklemtoon God se onveranderlike liefde vir Israel: "Ek het julle liefgehad" (Maleági 1:2) in kombinasie met "Ek, die HERE, het nie verander nie" (Maleági 3:6).[3] Later sou Paulus Maleági 1:2-3 in Romeine 9:13 aanhaal om aan te

---

[2] Die Naam "HERE van die leërskare" kom 80 keer voor in Jeremia in verband met nasionale oordeel. In die ná-ballingskap profete kom "HERE van die leërskare" 14 keer voor in Haggai, 50 keer in Sagaría en 25 keer in Maleági.

[3] Dit verklaar die naam van Walter Kaiser se kommentaar: "*Malachi, God's unchanging love*".

toon dat God se liefde vir Israel, ten spyte van Israel se sondes en trouloosheid, nooit sal verander nie. "Die primêre gedagte in Maleági is die onfeilbare genade van God vir 'n verharde en ontroue volk" (Coupar 2015:2).

In Maleági is die toehoorders se respons ooglopend nie voorbeeldig nie. Wanneer God 'n stelling maak, protesteer die toehoorders ("Waarin het ons ...?" of "Waardeur het ons ...?"– Maleági 1:2, 6; 2:14, 17; 3:8-9, 13-14) en dan antwoord God. Israel se besware toon harde harte, menslike mislukking, en aanbidding wat tekort skiet. "Die volk se ingesteldheid word op 'n sonderlinge manier uitgewys deur sewe vrae wat deurentyd in hierdie profesie gevra word" (Coupar 2015:1). Deur hierdie vrae openbaar God die geestelike toestand van Israel in daardie tyd.[4] Soos dit egter vir die meeste profete geld, verwys sommige van Maleági se profesieë na sy tydgenote en ander profesieë verwys na 'n toekomstige geslag Jode.

Onder die oorblyfsel van die Jode wat uit Babilon teruggekeer het, was daar 'n kleiner, ware Joodse oorblyfsel wat die HERE gevrees het (Maleági 3:16; vgl. Romeine 9:6-7). Hierdie vrees "is die term wat regdeur die Ou Testament verwys na iemand se ontsag vir die Here wat enersyds voortspruit uit bewustheid van sy liefde en andersyds sy toorn" (Constable 2015:11). In respons tot God se liefde, het die Israel van God die HERE gevrees en sy Naam geëer (vgl. Maleági 1:6; 2:5; 3:5, 16; 4:2). Nie net is die ware oorblyfsel se gemeenskap met God herstel nie, maar hulle het ook gemeenskap met mekaar beoefen (Maleági 3:16).[5] Hulle name is opgeskryf in die gedenkboek.

Die Joodse oorblyfsel se hoop was ook in die Messias wat sou kom, wie se geregtigheid sou opgaan soos die son wat oor die aarde opkom (vgl. Maleági 4:2; Titus 2:13; 2 Petrus 1:19). Die Dag van die HERE sal in werking tree voor die Tweede Koms van die Here Jesus Christus.[6] Maar voor dié groot en vreeslike Dag van die HERE, sal Elía die profeet terugkom om die finale en volledige herstel van Israel tot stand te bring (Maleági 4:5-6; Matthéüs 17:11). In dáárdie tyd sal die Joodse oorblyfsel die voorloper se boodskap aanneem en die hele Israel sal gered word (Jeremia 31:31-34; Romeine 11:25-27).

---

[4] Die Kerk, plaaslike kerk, en individuele gelowiges moet ag slaan op die waarskuwings in 2 Petrus en Openbaring 2-3: moenie in geestelike onverskilligheid terugval soos Israel nie (Maleági 1-4; vgl. 1 Korinthiërs 10:1-15).

[5] Die Kerk het gemeenskap met Christus wanneer ons deelneem aan die Nagmaal en sy dood gedenk totdat Hy weer kom (McIntyre).

[6] "Wat is ons ingesteldheid t.o.v. 'die Dag' [van die HERE]? Weergebore gelowiges se ingesteldheid t.o.v. daardie Dag wat die wederkoms van die Here Jesus Christus inhou, is nooit vrees nie, terwyl dit die ongereddes met absolute afgryse vervul" (Coupar 2015:4). Sien Bylae A: *Die Dag van die HERE*.

Die tema in Maleági kan gestel word as: "Agting vir God se standhoudende liefde is die sleutel vir hernuwing van die huidige geestelike lewe en die versekering van toekomstige Goddelike seëninge" (Constable 2015:12). Kaiser (1984:13) beskryf die tema so: "God het, en hou aan, om ons lief te hê, en geen twyfel, besware, of redenasies tot die teendeel kan hierdie feit wegneem nie." Archer (1964:416) sê die tema handel oor "daardie opregtheid teenoor God en 'n heilige lewenswandel [wat] absoluut noodsaaklik is in die Here se oë ... Israel moet voldoen aan hul hoë roeping as volk en wag vir die koms van die Messias, wat deur 'n bediening van genesing sowel as oordeel die volk sal lei tot 'n verwesenliking van hul vurigste hoop." Die titel van hierdie studie beklemtoon dat 'n Joodse oorblyfsel hul begeerte in die Engel of Boodskapper van die verbond sal plaas, dit is, die Here Jesus Christus (vgl. Maleági 3:1, 16; 4:5-6).

Literêre vorm en struktuur van Maleági

Hoe oortuig Maleági sy Joodse gehoor dat God hulle liefhet, maar dat hulle ook gesondig het en nie in gemeenskap met God verkeer nie? Soos aangetoon, Maleági konfronteer sy gehoor deur die herhaaldelike gebruik van vrae en antwoorde. "In wese het Israel God se liefde, sy Naam, en sy wil aangaande die huwelik en egskeiding, sy geregtigheid, sy vereistes ten opsigte van rentmeesterskap, en sy diens bevraagteken" (Constable 2015:7). Maleági se retoriese benadering beweeg vanaf God se stellings na hul besware en dan weer terug na God se antwoorde. Die volgende chiastiese struktuur van Constable (2015:7) gee die sorgvuldig gestruktureerde Godsprake in Maleági weer:

A Opskrif (1:1): Yahweh het 'n boodskap vir Israel.

B 1ste Twisrede (1:2-5): God onderskei tussen die goeies en die slegtes. Die bewys van sy liefde is dat Hy die regverdiges spaar en die slegtes veroordeel.

C 2de Twisrede (1:6—2:9): Veroordeling van onbehoorlike, veragtelike offergawes, belofte van omkeer van seën, en die grootheid van Yahweh se Naam onder die nasies.

D 3de Twisrede (2:10-16): Die HERE is getuie van huwelikstrou, en Juda is ontrou.

D' 4de Twisrede (2:17—3:6): Die HERE is getuie van huwelikstrou, en Juda is ontrou.

C' 5de Twisrede (3:7-12): Veroordeling van onbehoorlike, veragtelike offergawes, belofte van omkeer van seën, en die grootheid van Yahweh se Naam onder die nasies.

B' 6de Twisrede (3:13—4:3): God onderskei tussen die goeies en die slegtes. Die bewys van sy liefde is dat Hy die regverdiges spaar en die slegtes veroordeel.

A' Opsommende aansporing (4:4-6): Yahweh het 'n boodskap vir Israel.

Daar is min twyfel dat Maleági 'n vermanende diskoers is wat "poog om die toekomstige gedrag van iemand te beïnvloed" en daarom bestaan dit uit die "wesenskenmerke van probleem, opdrag, motivering, en gesag" (Clendenen 1987:6). Vanuit die vertrekpunt dat Maleági so 'n vermanende diskoers is, stel Clendenen (1987:7, 16) 'n struktuur van die boek voor wat drie chiastiese ontwikkelings of ingeboude diskoerse omlyn, soos onder aangetoon:

I. Eerste ontwikkeling
Priesters vermaan om Yahweh te eer [teologiese hoek] 1:2—2:9
A. Motivering: Yahweh se liefde 1:2-5
B. Probleem: Yahweh word nie geëer nie 1:6-9
C. Opdrag: Staak nuttelose offers 1:10
B'. Probleem: Ontering van Yahweh se Naam 1:11-14
A'. Motivering: Gevolge van ongehoorsaamheid 2:1-9

II. Tweede ontwikkeling
Juda tot getrouheid gemaan [sosiale hoek] 2:10—3:6
A. Motivering: Geestelike eenheid 2:10a, b
B. Probleem: Trouloosheid 2:10c-14
C. Opdrag: Staak die trouelose optrede 2:15-16
B'. Probleem: Besware oor Yahweh se onregverdigheid 2:17
A'. Motivering: Komende boodskapper van oordeel 3:1-6

III. Derde ontwikkeling
Juda gemaan om terug te keer na Yahweh [ekonomiese hoek] 3:7—4:6
A. Opdrag: Keer terug na Yahweh met tiendes 3:7-10a
B. Motivering: Toekomstige seën 3:10b-12
C. Probleem: Oorgerustheidheid t.o.v. diens aan God 3:13-15
B'. Motivering: Die Dag wat kom 3:16—4:3
A'. Opdrag: Onthou die Wet 4:4-6

Bespreking van die Boek van Maleági

Maleági 1:1 (OAV): GODSPRAAK. Die woord van die HERE aan Israel deur die diens van Maleági.

Die Hebreeuse woord (*massa*) wat beskryf hoe die Godspraak tot Maleági gekom het, sluit 'n wye reeks moontlike betekenisse in, waaronder "optel", "'n las dra", 'n "verklaring" of 'n "uitspraak". Die boodskapper word belas met die bring van 'n boodskap van groot belang, die woorde van die HERE (vgl. Verhoef 1987:187-189). In Maleági is die las 'n "swaar boodskap" omdat dit 'n "dreigende oordeel" insluit (Fruchtenbaum 2005:7). Neem kennis dat Jehovah, die God wat die verbond hou (of die HERE), nie met Juda en Benjamin of die tien stamme praat nie, maar Hy praat

met Israel. Nie een van die stamme het ooit "verlore" geraak nie – nie vóór die Babiloniese ballingskap nie en ook nie daarná nie. Hoewel min Jode ná die Babiloniese ballingskap na Israel teruggekeer het, verteenwoordig hulle nietemin die hele volk. Die HERE dra sy boodskap oor via die mond van "my boodskapper", naamlik Maleági (1:1), een van 'n paar boodskappers na wie daar in hierdie boek verwys word (vgl. 2:7; 3:1; 4:4-5).

Maleági 1:2-5: 2Ek het julle liefgehad, sê die HERE. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, 3maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee. 4As Edom sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou — dan sê die HERE van die leërskare dit: Laat hulle bou, Ek breek dit tog af; en die mense sal hulle noem: Grondgebied van goddeloosheid, en: Die volk waarop die HERE vertoornd is tot in ewigheid! 5En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: Groot is die HERE oor die gebied van Israel!

Die HERE beklemtoon heel eerste sy liefde vir Israel. Dit veronderstel 'n bestaande verbondsverhouding tussen God en Israel (Deuteronómium 4:32-40; 5:10; 7:6-9; Jeremia 31:3). Wanneer het so 'n verhouding ontstaan? God het 'n onvoorwaardelike verbond met Abraham gesluit wat die vader van die Joodse volk geword het (Génesis 12, 15, 17). Deur watter een van Abraham se seuns sou hierdie verbond bevestig en die beloftes vervul word? Die Abrahamitiese verbond is nie bevestig deur Ismael of enige een van Abraham se ander seuns nie (Génesis 17:18-22; 25:1-4), maar deur Isak (Génesis 17:19, 21; 26:2-5, 24). Verder is hierdie verbond nie herbevestig met Esau as die eersgebore tweeling nie, maar met Jakob, wat later hernoem is na "Israel" (Génesis 28:13-15; 31). Alhoewel hulle uit Babilon teruggebring is in die Beloofde Land, en getuie was van die tempelrestourasie en die herbou van Jerusalem se mure, het die Israelse samelewing in Maleági se tyd klaarblyklik hierdie verbondsverhouding betwyfel.

Maar God het Jakob liefgehad en Esau gehaat. Coupar (2015:2) benadruk dat die Hebreeuse woord vir "liefhê" 'n "samestelling is van verlede, hede en toekoms tye, en daarom sal 'n meer akkurate begrip wees, 'Ek het jou liefgehad, Ek het jou nou lief, en Ek sal jou altyd liefhê, sê die HERE'". Wat meer is, hierdie woorde word gespreek deur die God wat nie verander nie (Maleági 3:6). Die woorde "liefhê" en "haat" kan verstaan word as "om te kies" of "om nie te kies nie" (Fruchtenbaum 2005:8; vgl. Verhoef 1987:197). Later, in Lukas 14:26 (vgl. Matthéüs 10:37), het Jesus

soortgelyke taal gebruik om te onderstreep dat sy dissipels Hom eerste moet stel, d.w.s. Christus moet gekies word bó vader of moeder, bó broer of suster.

Waarvoor het God Jakob en sy nageslag (en nie Esau en sy geslagslyn nie) uitgekies? God het Jakob uitgekies as die persoon deur wie se geslagslyn Hy sy beloftes aan Abraham sou vervul. Dié beloftes aan Abraham sluit 'n spesifieke land (vgl. die Landverbond), 'n spesifieke saad (vgl. die Dawidiese verbond), en ook seëninge in (vgl. die Nuwe verbond).

Later oorweeg Paulus 'n vraag: Is Jakob en sy nageslag verkies omdat hulle beter was as Esau en die Edomiete? Daar is baie bewyse vir die teendeel: Jakob en sy kinders was net so sondig soos Esau en ons almal. Dit is sodat God se voorneme kon bly staan volgens die verkiesing, en nie uit werke nie, maar uit Hom wat roep, dat Jakob bo sy tweelingbroer Esau uitgekies is selfs voordat hulle gebore is en nog geen goed of kwaad gedoen het nie (vgl. Romeine 9:10-13). God het onvoorwaardelik gekies om sy verbondsbeloftes deur Jakob en sy nageslag te vervul sonder enige verdienste aan hulle kant. Het die nasie Israel gestruikel om permanent te val toe hulle later ernstig gesondig het deur Jesus as die Messias te verwerp, en het God sy volk Israel heeltemal verstoot (vgl. Romeine 11:1, 11)? Nooit! Stellig nie!

Wat van Esau? Volgens Génesis 27:38-46 en Maleági 1:3 is daar aan Esau en sy nageslag 'n seën, 'n doel en 'n erfenis gegee. Wat was hulle respons? Esau se nasate het nie die Israeliete toegelaat om tydens die omswerwing in die woestyn deur Edom te trek nie (Númeri 20:14-22). In die tyd van die Babiloniese ballingskap het hulle nie vir Israel gehelp nie; hulle het selfs aan die Jode-slagting meegedoen.

Iewers in die toekoms sal daar 'n Joodse geslag wees, die hele Israel, wat almal sal erken dat God Israel liefhet. Wanneer sal dit wees? Tydens die Millennium sal Israel nie slegs sien hoe Esau se erfenis "grondgebied van goddeloosheid (Maleági 1:4; vgl. Jesaja 34:5-15) genoem word nie, maar hulle sal dan ook sien hoe die HERE groot sal wees selfs verder as "die gebied van Israel" (Maleági 1:5). Dit kom ooreen met 'n profesie waarmee Maleági se tydgenote bekend sou gewees het, naamlik dié in Sagaría 14:16-21. "Die frase *oor* [verder as] *die gebied van Israel* beteken dat Jehovah grootgemaak sal word onder die heidene. ... Laat die Here se Naam grootgemaak of verheerlik word onder die heidene" (Fruchtenbaum 2005:9).

Wat is die punt van Maleági 1:2-5? Constable (2015:18) som dit goed op:

> Die punt van hierdie gedeelte was om die Jode van die restourasie gemeenskap wat gedink het dat God hulle verlaat en sy beloftes aan hulle vergeet het, weer te laat nadink. Al het dit gelyk of hulle dieselfde lot ervaar het as hul ou vyande, die Edomiete, sou God hulle herstel omdat Hy met hulle in 'n verbondsverhouding getree het. Hy sou sy beloftes nakom aan beide die Israeliete en die Edomiete, respektiewelik vir goed en vir sleg. Hierdie herinnering aan die HERE se liefde was positiewe motivering vir die priesters om na die HERE terug te keer, en dit behoort dieselfde uitwerking te hê op al God se kinders wat dié verse lees.

As bogenoemde 'n redelike begrip gee van die teks in Maleági se tyd, is die vraag hoe dit vandag op ons lewens toepaslik kan wees? Die volgende kan relevant wees:

- As ons God se liefde vir ons betwyfel, vra ons dan ook, "Waarin het U ons liefgehad?" Sommige mag selfs byvoeg: "As ons nie Jode is aan wie die onvoorwaardelike verbonde behoort nie, het God ook nie-Jode lief?" Laat ons nooit vergeet nie dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Johannes 3:16). As 'n mens vra, "Wat meer moet God doen voordat jy sal glo dat Hy jou liefhet", word die probleme met dié soort redenasie uitgelig. Die Bybel bevestig God se liefde vir elke mens baie uitdruklik: Die Here "wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom" (2 Petrus 3:9). God het belowe dat Hy al die geslagte van die aarde deur Abraham sou seën (Génesis 12:3). Het God nie al reeds hierdie belofte nagekom deur Jesus Christus, die Seun van Abraham nie (vgl. Matthéüs 1:1)? Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus (Efésiërs 1:3; vgl. 1 Petrus 1:3; 2 Petrus 1:3). Laat ons nie "vandag hernude bewyse van God se liefde vir ons eis" nie (Constable 2015:14), want God het herhaaldelik gewys dat Hy ons almal liefhet: Jood en heiden, slaaf en vry mens, man sowel as vrou.
    - Dit is waar dat sekere *geestelike* seëninge vir alle gelowiges in Christus beskikbaar is, maar sekere *fisiese* verbondsbeloftes (die Beloofde Land, die troon van Dawid in die stad van die groot Koning, 'n millenniale tempel in Sion, ens.) is belowe aan die oorblyfsel van Israel, die Israel van God. 'n Spesifieke grondgebied is nie aan die Kerk belowe nie, maar is inderdaad aan die volk Israel belowe.
- As God nie klaar is met Israel nie, is die vraag of ons as nie-Joodse Kerkheiliges steeds die nasate van Abraham, Isak en Jakob volgens Génesis 12:3 moet seën? Moet dit selfs tydens die Kerkbedeling voortgaan? Die Abrahamitiese verbond is

onvoorwaardelik, steeds van krag, en nie al die beloftes daarvan is vervul nie. Dit is my oortuiging dat die verpligting om Abraham se nasate te seën vandag nog steeds geld.

Maleági 1:6-14: 6'n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My? sê die HERE van die leërskare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag? 7Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdat julle sê: Die tafel van die HERE is veragtelik. 8En as julle 'n blinde dier bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek dier bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die HERE van die leërskare. 9Smeek dan nou tog die aangesig van God, dat Hy ons genadig kan wees! Sulke dinge is deur julle gedoen — sal Hy dan om julle ontwil goedgesind wees? sê die HERE van die leërskare. 10Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie! Ek het in julle geen welgevalle nie, sê die HERE van die leërskare, en in 'n offer uit julle hand het Ek geen behae nie. 11Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die heidene; en in elke plek word tot eer van my Naam reukwerk gebring en 'n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê die HERE van die leërskare. 12Julle daarenteen ontheilig dit as julle sê: Die tafel van die HERE is verontreinig, en wat sy opbrings betref — sy spys is veragtelik. 13En julle sê: Kyk, wat 'n moeite! En julle verag dit, sê die HERE van die leërskare; en julle bring geroofde en lam en siek diere — so bring julle dan die offer! Kan Ek dit met welgevalle uit julle hand aanneem? sê die HERE. 14Vervloek is ook die bedrieër wat, terwyl daar onder sy kleinvee 'n manlike dier is, 'n gelofte doen en tog iets wat vermink is, aan die HERE offer; want Ek is 'n groot Koning, sê die HERE van die leërskare, en my Naam is gedug onder die heidene.

Die Levitiese priesters, wat veronderstel was om die Jode te verteenwoordig en voor God vir hulle in te tree, word spesifiek toegespreek. Die HERE van die leërskare sê dat die priesters sy Naam verag het. Hoe het hulle dit gedoen? Deur God nie as Vader te eer of Hom as Heer te vrees nie (Maleági 1:6). Die priesters het ook gesê dat die HERE se tafel veragtelik is deur "spys wat verontreinig is, op my altaar" te offer. Hulle het blinde, lam en siek diere geoffer, 'n ooglopende oortreding van die Wet van Moses (Levítikus 22:20-25; Deuternómium 15:21). Hulle sou dit nie gewaag het om dié diere vir hul goewerneur (wat aan die Persiese Ryk verslag gedoen het) te bring nie, en hoe durf hulle dit dan waag om dit vir die HERE van die leërskare te bring (Maleági 1:8)? Sal God hierdie priesters en hul gebede aanneem as hulle op hierdie manier voortgaan (Maleági 1:9)? Ironies gee die HERE van die leërskare die priesters opdrag om die tempel se deure te sluit eerder as om voort te gaan om verontreinigde en veragtelike offers te bring (Maleági 1:10).

In die Messiaanse koninkryk sal God se Naam groot wees onder die heidene; hulle sal 'n rein offer bring en reukwerk laat opgaan (Maleági 1:11; vgl. Sagaría 8:20-23; 14:16-21). Die Joodse priesters in Maleági se tyd het egter God se Naam ontheilig deur te sê dat die HERE se tafel verontreinig en sy spys veragtelik is (Maleági 1:12). Hulle het gekla, "Kyk, wat 'n moeite!" – en nie hul taak gesien as 'n werk vir die HERE nie, maar net as 'n taak wat so gou as moontlik afgehandel moes word. Hulle het minderwaardige diere gebring terwyl hulle inderdaad gesonde diere gehad het. Sulke bedrieërs bring 'n vloek oor hulself, want die HERE van die leërskare is 'n groot Koning en "my Naam is gedug onder die heidene" (Maleági 1:14). Hierdie is die eerste van vier vloeke wat in Maleági voorkom.

God stel baie vrae waardeur Hy die priesters dring om hul weë te verander (vgl. Maleági 1:6-14). Die verskillende offers van die Levitiese stelsel het tipologies vooruit gewys na die werk van Christus (McIntyre 2015). As die altaar tipologies vooruit wys na die kruis van Christus, is dit duidelik waarom die ontheiliging daarvan so 'n groot sonde is. Aangesien Christus 'n volmaakte, vlekkelose en suiwer Offer vir die sondes van die wêreld is, lê dit voor die hand waarom God wou hê dat aanneemlike offers na die tempel gebring moes word.

Toepassings vir hedendaagse gelowiges in Christus kan die volgende insluit:

- God is 'n Vader wat vir al sy kinders omgee. Hy het ons lief. Hy is betroubaar. Hy is die groot Koning oor die universele en ewige koninkryk van God.
- Ons ingesteldheid en deelname aan die Nagmaal moet in ooreenstemming wees met God se opdragte.
- Offer ons vir God ons beste, uit ons harte, in geloof; of is dit maar net gebare?
    - McIntyre (2015) wys op ooreenkomste tussen Maleági 1:14 en Handelinge 5:1-11: Ananías en Saffíra het vir die Heilige Gees gelieg omtrent hul offergawe en het gesterf (Handelinge 5:1-11).
- As priesters volgens die orde van Melgisédek moet ons offers bring wat deur Christus vir God aanneemlik is (vgl. Hebreërs 13:15-16).
- "Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig [nie lou nie] en bekeer jou" (Openbaring 3:19).
    - As die sewe kerke in Openbaring 2-3 ook gesien word as verteenwoordigend van die Kerkbedeling, lewe ons heelwaarskynlik in die tyd van die Kerk van Laodicéa. Die verheerlikte Here Jesus Christus het hierdie kerk liefdevol gewaarsku en vermaan, baie soortgelyk as die

HERE van die leërskare se liefdevolle vermaning aan Israel in die tyd van Maleági.

Maleági 2:1-9: 1EN nou, priesters, tot julle kom hierdie gebod. 2As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om my Naam eer te bewys nie, sê die HERE van die leërskare, dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in 'n vloek verander; ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie. 3Kyk, Ek sal julle nakomelingskap bedreig, en Ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste; en hulle sal julle na die mishoop dra. 4En julle sal gewaar word dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit my verbond kan wees met Levi, sê dieHERE van die leërskare. 5My verbond met hom was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My gevrees en vir my Naam gebewe. 6Betroubare regsleer was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van ongeregtigheid teruggebring. 7Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die HERE van die leërskare. 8Maar júlle het van die weg afgewyk, julle het baie deur jul onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê die HERE van die leërskare. 9So maak Ek julle dan ook veragtelik en gering by die hele volk, omdat julle my weë nie hou nie en partydig handel by die regspraak.

Terwyl Maleági 1:6-14 die Levitiese priesters se *tempeldiens* benadruk, val die klem in Maleági 2:1-9 op die verbond met Levi en die priesters se rol as *leraars* van die Wet van Moses.

Die hoofsaak van die opdrag aan die Levitiese priesters in Maleági 2:1 is die "plig en die voorreg van die priesters om die Naam van die HERE te eer" (Verhoef 1987:238). Hulle moes gehoor gee daaraan "om my Naam eer te bewys" (Maleági 2:2). Die opdrag van die HERE van die leërskare word negatief gestel: "As julle nie gehoor gee nie ... dit nie ter harte neem ... nie". Ongehoorsaamheid sal daartoe lei dat God hulle, sowel as hul seëninge, vervloek. Dit het al reeds tot 'n mate plaasgevind, want die volk het nie hul tiendes en offergawes, waarin die priesters kon deel, na die skathuis gebring nie (Maleági 2:2c; 3:8-10). Vloeke vir ongehoorsaamheid aan die Wet van Moses is uitgespel in Levítikus 26:14-39 en Deuteronómium 27:11-16 en 28:15-57.

In Maleági 2:3 noem die HERE van die leërskare drie gevolge vir voortgesette ongehoorsaamheid:
1. Bestraffing of oordeel van die priesters se nageslag (saad): Dit beteken dat hul nasate onvrugbaar sou word (vgl. Deuteronómium 28:32) en/of dat die priesters nie meer 'n seën sou kon gee of seëninge sou kon ontvang nie (vgl. Levítikus 7:32; Deuteronómium 18:3).

2. Mis sal op hul gesigte gestrooi word: In plaas daarvan dat God die offers wat die priesters bring sou aanneem, waarsku Hy dat voortgesette ongehoorsaamheid sou meebring dat die geslagte diere se maaginhoud op die priesters se gesigte gestrooi word. Hierdie belediging sou ook "die priesters op so 'n manier verneder dat hulle ongeskik en onrein sou wees om hul amptelike pligte uit te voer" (Verhoef 1987:242).
3. Die profete het die risiko geloop om saam met die oorskot (mis) van hierdie offers en feeste weggeneem te word na 'n plek buitekant die kamp (Maleági 2:3c). Goddelike oordeel sou die priesters van hul hoë posisie afbring tot by die mishoop.

As bogenoemde sou gebeur, sou dié priesters weet dat God hierdie gebod vir hulle gestuur het (Maleági 2:4; vgl. 2:1). "Maleági se funksie was dié van 'n hervormer wat die priesters en die volk moes teruglei na die wet" (McIntyre 2015). Die doel van hierdie waarskuwings is dat die priesters hul moes bekeer en terugkeer na die voorbeeld van hul voorvader Levi (vgl. Jeremia 33:20-21). Levi het gelewe lank voordat die Mosaïese verbond by Berg Sinai gegee is (vgl. Exodus 20). As een van die twaalf seuns van Jakob, staan Levi "as die verteenwoordigende hoof van die Levitiese Priesterdom" (Fruchtenbaum 2005:13). As die priesters in Maleági se tyd ag sou slaan op die waarskuwings, sou God se verbond met Levi voortgaan (Verhoef 1987:244). Daarom word daar in Maleági 2:4-9 'n onderskeid getref tussen Levi en die priesters in Maleági se tyd (vgl. Fruchtenbaum 2005:12).

Constable (2015:25) beskryf die verbond met Levi (vgl. Maleági 2:4) soos volg:

> Die HERE se verbond met Levi was 'n vergunningsverbond. In dié soort verbond het een persoon, en moontlik sy afstammelinge, 'n belofte ontvang van voortdurende seën vir 'n besondere diens wat gelewer is. Die besondere diens wat Levi en sy afstammelinge aan God gelewer het, het diens as sy priesters ingesluit.

"Van God se kant beteken die verbond lewe en vrede, en van Levi se kant veronderstel die verpligting onbeperkte onderwerping aan en vrees vir die HERE" (Verhoef 1987:245). Dit is inderdaad wat Levi gedoen het (sien enkelvoudvorm raak – 'hy'): "en hy het My gevrees en vir my Naam gebewe" (Maleági 2:5b).

In teenstelling met die priesters in Maleági se tyd, het Levi volgens betroubare regsleer onderrig en onreg is nie op sy lippe gevind nie (Maleági 2:6a). Soos Henog en Noag, het Levi in vrede en opregtheid met God gewandel en baie mense van ongeregtigheid teruggebring (Maleági 2:6b; vgl. Génesis 5:22-24; 6:9; Miga 6:8).

Die priesters se taak in Maleági se tyd was nie net om offerdiens in die tempel te verrig nie, maar met Levi as hul voorbeeld, om ook verantwoordelike en betroubare leraars van die Wet van Moses te wees (Maleági 2:7a; vgl. Deuteronómium 33:8-11). Die priesters in Maleági se tyd moes God se geopenbaarde wil in die Wet van Moses geken het en hulle moes dit vir die mense geleer het. Voorheen het die volk Israel te gronde gegaan vanweë 'n gebrek aan kennis (vgl. Hoséa 4:6). Nou, ten spyte van Esra se bediening 'n paar jaar tevore, het die volk in Maleági se tyd weer gevaar geloop om onkundig omtrent God se wet te wees (vgl. Esra 7:10, 25; Nehemía 8:8-9). Die onderrigamp van 'n priester is geweldig belangrik; in Maleági 2:7 word hy "'n boodskapper van die HERE van die leërskare" genoem.

In teenstelling met Levi en die vroeëre, klassieke Levitiese priesterdom (neem kennis dat vers 8 met "Maar" begin; en let ook op die kontras met vers 6), het die priesters in Maleági se tyd misluk: Hulle self het doelbewus van die weg van die waarheid afgewyk, baie mense ten opsigte van die wet laat struikel, en so die verbond van Levi verbreek (Maleági 2:8). Die verbond met Levi het "lewe en vrede" voorsien, maar as gevolg van hul ongehoorsaamheid ("... omdat julle my weë nie hou nie en partydig handel by die regspraak"), sal die HERE van die leërskare die priesters in Maleági se tyd veragtelik en gering maak. In plaas daarvan om "my Naam eer te bewys", het die priesters die Naam van die HERE verag. Nou het hulle groot gevaar geloop om self verag te word. Verhoef (1987:253-254) gee 'n goeie opsomming van Maleági 2:1-9:

> In hierdie betekenisvolle Skrifgedeelte is die priesters in Maleági se tyd in die weegskaal. Hulle is herinner aan hul bevoorregte posisie (vv. 1, 4, 5), gekontrasteer met die ingesteldheid en optrede van die klassieke (of ideale) priesterdom (vv. 5c, 6, 7), beskuldig van die verbreking van die verbond met Levi (v. 8), en geoordeel omdat hulle in sowel hul persoonlike as professionele lewe klaaglik misluk het (v. 9).

Watter praktiese toepassings kan ons vandag vir ons lewens maak ? Ons kan let op die volgende:

1. Bewys eer aan God se Naam (vgl. Maleági 2:2). Ons moet God dien en aanbid (moenie selfgesentreerd wees nie).
2. Gee ag op God se waarskuwings oor Goddelike oordeel (vgl. Maleági 2:3, 9).
3. Bestudeer God se Woord om jou beproef voor God te stel (vgl. Maleági 2:6; 2 Timótheüs 2:15).
4. Nuwe-Testamentiese priesters (die orde van Melgisédek) moenie die HERE se Naam ydellik gebruik nie.

5. Maleági 2:5-6 hou duidelike lesse in vir ons wandel met die HERE: vrees die HERE, wandel in vrede en opregtheid met die HERE, soek die waarheid, moenie afwyk van die Weg nie (vgl. Johannes 14:6; Handelinge 18:25-26).
6. Leraars in plaaslike kerke moet goeie onderrig gee en geen partydigheid beoefen nie (vgl. Maleági 2:6-7, 9).
7. Moenie vir ander 'n struikelblok wees nie (vgl. Maleági 2:8; Matthéüs 18:6-10).

Maleági 2:10-16: 10Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontheilig? 11Juda het troueloos gehandel, en 'n gruwel is in Israel en in Jerusalem gepleeg; want Juda het die heiligdom van die HERE, wat Hy liefhet, ontheilig, en hy het die dogter van 'n uitlandse god getrou. 12Mag die HERE van die man wat so iets doen, uitroei hom wat roep en hom wat antwoord gee uit die tente van Jakob, en hom wat 'n offer aan die HERE van die leërskare bring. 13En boonop doen julle dít: julle bedek die altaar van dieHERE met trane, met geween en versugting, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie. 14En julle vra: Waarom? Omdat die HERE getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond. 15Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie. 16Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie.

'n Nuwe afdeling in Maleági begin in 2:10 waar die HERE die hele volk Israel toespreek. Oorsigtelik gaan hierdie "boodskap oor dieselfde sosiale euwels as waarmee Esra en Nehemía te kampe gehad het: Ondertrouery met ongelowiges (vv. 10-12), egskeiding (vv. 14-16; vgl. Esra 9:2; Neh. 13:23-28), plus skynheilige aanbidding (vv. 12-13)" (Constable 2015:26).

Die derde vraag in Maleági 2:10 beantwoord die eerste twee vrae in dié vers: aangesien God die Vader en Skepper van Israel is (vgl. Maleági 1:6), is die vraag waarom die Jode troueloos onder mekaar optree en die verbond met die vaders ontheilig? Fruchtenbaum (2005:15) som die kwessies goed op:

> Maleági begin met die sonde as sodanig: baie Joodse mans van sy tyd het getrou met heidenvroue wat afgode aanbid het. Dit was 'n duidelike verbreking van die Wet van Moses. Die Mosaïese Wet het Jode verbied om met heidene te trou tensy hulle hul eers tot die God van Israel bekeer het. Dit is wat Rut en Ragab gedoen het. Toe hulle die God van Israel aangeneem het, kon hulle, al was hulle heidene, met Joodse mans trou. Die probleem hier was dat die heidenvroue voortgegaan het om vreemde afgode te aanbid.

Die Mosaïese verbond is op twee maniere ontheilig: Joodse mans het met ongelowige vroue getrou en dan, nieteenstaande hul oortreding, voortgegaan om vir die HERE van die leërskare offers te bring (Maleági 2:11-12). Dit het die heiligdom (tempel of die mense) van die HERE ontheilig (banaal gemaak); al die mans wat dit gedoen het, sou uitgeroei word uit die tente van Jakob.

Terwyl hulle hul Joodse vroue troueloos behandel het (van hulle skei en/of dan met heidense vroue trou – vv. 15-16), sou God nie dié mans se offers aanneem nie al is die altaar met trane en geween en versugting bedek (Maleági 2:13-14; vgl. 1 Petrus 3:7). Die HERE is getuie dat hierdie mans die huweliksverbond met hul vroue verbreek het.

Met betrekking tot die moeilike vers 2:15, skryf Constable (2015:28) dat geen "individuele Israeliet, wat die voordeel gehad het van selfs 'n klein bietjie van die Heilige Gees se invloed, so 'n verbond soos die huwelikskontrak sou verbreek het nie. God Self sou nie sy verbond met Israel verbreek nie." Waar Godvresende nakomelinge 'n positiewe rede is om nie te skei nie, gee vers 16 negatiewe redes: God haat egskeiding, en dit bedek 'n mens se kleed met geweldpleging. Om jouself met 'n kledingstuk te bedek, was 'n Hebreeuse eufemisme vir die huwelik (vgl. Rut 3:9; Eségiël 16:8). Wat gebeur het, was dat Joodse mans hul Joodse vroue weggestuur het om met heidenvroue te trou. "Die sonde was dat hy, in plaas daarvan om sy vrou met 'n kleed te bedek om haar as sy enigste vrou te verklaar, hy sy vrou met geweld bedek het, in teenstelling met wat die Wet beveel het" (Fruchtenbaum 2005:17).

'n Paar praktiese toepassings word uitgelig (meer kan genoem word):

1. God haat egskeiding. Ons moet ons huweliksverbonde hou. Christus se verhouding met sy bruid is ons voorbeeld; ons moet meer soos Christus word.
2. Moenie skuldig wees aan 'n onverantwoordelike lewenswyse nie. Vermy skynheiligheid.
3. Doen selfondersoek voordat jy ander blameer.

Maleági 2:17-3:6: 17JULLE vermoei die HERE met julle woorde. Nogtans vra julle: Waarmee vermoei ons Hom? Deurdat julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die HERE, en in hulle het Hy 'n behae; of waar is anders die God van die reg? KYK, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare. 2Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. 3En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi

reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring. 4Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die jare van die voortyd. 5En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou, en Ek sal 'n haastige getuie wees teen die towenaars en teen die egbrekers en teen die meinediges en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die HERE van die leërskare. 6Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.

'n Hele tyd het verloop sedert die Jode uit ballingskap na Israel teruggekeer het. Die mense het gejuig toe offers na die herboude tempel gebring kon word (Esra 3:10-13; Haggai 2:9; Sagaría 2:10). Die HERE het Serubbábel gekies om "'n seëlring" te wees (Haggai 2:23) en Israel het die Mosaïese verbond met God bevestig (Nehemía 8-10). Israel het vir die Messiaanse koninkryk gewag (vgl. Sagaría 14:16-21), maar soos die tyd verbygegaan het, het "boosdoeners klaarblyklik hul sin gekry, sonder vrees vir straf" (Verhoef 1987:284). Volgens Stuart (aangehaal deur Constable 2015:31), het Maleági sy lesers aan drie behoeftes bekendgestel: "die behoefte vir Messiaanse ingryping, die behoefte vir 'n oordeelsdag, en die behoefte vir sosiale geregtigheid".[7]

Die volk as geheel word onderrig maar sekere segmente/gebiede binne Israel spesifiek genoem word: "seuns van Levi" en "Juda en Jerusalem" (Maleági 2:17; 3:3-4). Die volk het die HERE vermoei. Hulle het dit met hul woorde gedoen. Hulle het gesê dat elkeen wat kwaad doen goed is in die HERE se oë, en dat Hy 'n behae in hulle het. Israel was inteendeel natuurlik verbied om in die oë van die HERE kwaad te doen en om God se toorn te verwek (vgl. Deuteronómium 4:25-26; 9:18-19). Hoe het die volk tot so 'n onsinnige gevolgtrekking gekom? As kwaad plaasgevind en God nie ingegryp het nie, het dit skynbaar getoon dat God die kwaad goedkeur. Hulle het selfs beweer dat God Hom in die kwaad verheug. En as dit so is, waar is God se geregtigheid dan? "Dit was hierdie skeptiese ingesteldheid teenoor God se weë, God se geregtigheid en God se bestaan wat God vermoei het" (Fruchtenbaum 2005:18).

(Vandag hoor ons dieselfde soort klagte: As God goed en geregtig is (en Hy is), is die vraag hoekom Hy toelaat dat slegte dinge gebeur of hoekom Hy nie ingryp en geregtigheid laat geskied nie?)

In Maleági 3:1-6 antwoord God die Jode se klagtes: God verander nie: Hy sal geregtigheid laat geskied en die kwaad sal gestraf word.

---

[7] Kaiser (1984:77) skematiseer Maleági 2:17-3:12 soos volg: God is regverdig – in sy voorbereiding (3:1a); in sy koms (3:1b-2); in sy reiniging (3:3-4); in sy oordeel (3:5); in sy lankmoedigheid (3:6); in sy oproep (3:7); in sy uitdaging (3:8-10); en in sy belofte (3:11-12).

Maleági (1:1) en die priesters (2:7) was boodskappers van die HERE vir die mense van daardie tyd, maar nou waarsku die HERE dat Hy 'n boodskapper sal stuur voordat die Messias oordeel bring. Slegs in Maleági 3:1 en 4:5-6 word dit spesifiek voorspel dat 'n voorloper die koms van die Messias sou voorafgaan; 'n soortgelyke idee van wegbereiding vir die Here word ook in Jesaja 40:3 gevind (Verhoef 1987:287). Maleági 3:1-5 handel oor die Eerste en die Tweede koms van die Messias, maar dit is 'n uitdaging om agter te kom watter gedeeltes van die teks na watter koms verwys.

Beide Maleági 3:1a (Matthéüs 11:10) en Jesaja 40:3 (Matthéüs 3:3) is vervul deur Johannes die Doper. Die taak van Johannes die Doper was dat hy "die weg voor My uit sal baan": "Die begrip kom van 'n oosterse gebruik waar boodskappers vooraf uitgestuur is om die mense in te lig oor die koms van 'n besoekende koning en om die pad te berei, dit begaanbaar te maak, om letterlik al die struikelblokke uit die weg te ruim" (Verhoef 1987:287; vgl. Kaiser 1984:80).

Die Here, wat die God van geregtigheid is na wie die Jode gesoek het, sou skielik na *sy* tempel kom (Maleági 3:1b). Daar is verskillende sienings omtrent Maleági 3:1b:

- Sommige verklaarders soos Fruchtenbaum (2005:18) sê dat dit vervul is toe die Here Jesus die geldwisselaars en verkopers van offerdiere se tafels en stoele omgegooi en diegene wat die tempel ontheilig het uit die tempel gedryf het (vgl. Matthéüs 21:12-13; Markus 11:15-18; Lukas 19:45-47; Johannes 2:13-22).
- Ander verklaarders soos Kaiser (1984:84) reken dat die Here se skielike koms na sy tempel eers met Christus se Tweede Koms vervul sal word. Die Hebreeuse woord vir hierdie "skielike" (*pit'ōm*) koms het die betekenis van "onverwags" en "verrassend" en bevat 'n dreigende toon van oordeel (Verhoef 1987:288).

Ná die voorloper sal die Een kom wat gaan kom, die Goddelike Boodskapper, die Engel van die Here. Christus is die Boodskapper van die verbond. Jesus Christus, die Seun van Dawid en Seun van Abraham (vgl. Matthéüs 1:1), sal al die beloftes vervul wat God gemaak het in die Abrahamitiese, Land, Dawidiese en Nuwe verbonde. Hoewel die Nuwe verbond sedert Pinkster in werking is, moet Israel steeds as 'n *volk* in die Nuwe verbond kom (vgl. Jeremia 31:31-34; Joël 2:28-3:1). Wanneer die hele Israel gered is, sal die tans-vervreemde vrou van Jehovah met haar Man verenig word en met die Here kan wandel as 'n uitvloeisel van die seëninge van die Nuwe verbond (vgl. Hoséa 2:2; Romeine 11:25-27).

In die Dag van die HERE se koms sal niemand voor Hom kan standhou nie (Maleági 3:2a). Die Here word vergelyk met die vuur van 'n smelter en diepreinigende seep.

Die priesterdom ("seuns van Levi") sal gesuiwer word deur die wegbranding van alle onsuiwerhede; hulle sal skoongewas (gereinig) word van al hul sondes. Dan sal die priesters in geregtigheid kan offer. Hierdie offers sal tydens die Millennium na die tempel in Jerusalem gebring word wat in Eségiël 40-48 beskryf word (sien veral Eségiël 40:46; 43:19; 44:15). Die hele Israel (Juda en Jerusalem) sal in daardie tyd aanneemlike offers na die tempel bring (Constable 2015:33). Dit is alles in skrille kontras met die blinde, lam en onaanneemlike offers wat die volk na die tempel gebring en wat die priesters in Maleági se tyd op die altaar geoffer het (vgl. Maleági 1:6-2:9).

Nie alleenlik die priesters nie, maar die hele volk sal dadelik geoordeel word, want die God van geregtigheid sal 'n haastige getuie wees teen towenaars, egbrekers, meinediges en diegene wat werknemers, weduwees en wese uitbuit (Maleági 3:5). Die kern probleem van dié mense is dat hulle nie die HERE van die leërskare vrees nie (vgl. Maleági 2:17).

God verander nie. God is inderdaad die God van oordeel. Ten spyte van die seuns van Jakob se sondes, sal hulle nie verdelg word nie omdat God sy beloftes sal vervul wat Hy aan Israel gemaak het. Die HERE van die leërskare sal oordeel voltrek. Maar hierdie onveranderlike God het Jakob lief (Maleági 1:2; 3:6).

Praktiese toepassings is onder andere:

- Ons getuienis moet in die vrees van die HERE uitgeleef word.
- Ons moenie die HERE met ons woorde vermoei nie. God is regverdig. God se Woord is waar.
- God is onveranderlik en sy onvoorwaardelike beloftes kan ten volle vertrou word.
- Ons moet welgevallige offers vir die Here bring (vgl. Romeine 12:1-2).
- Vermy alle sonde, ook dié wat in Maleági 3:5 genoem word.
- Aangesien die seuns van Jakob nie verdelg sal word nie, moet nie-Jode voortgaan om die nasate van Abraham, Isak en Jakob te seën (Génesis 12:3).

Maleági 3:7-12: 7Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer? 8Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. 9Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! 10Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van

die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. 11Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare. 12En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die HERE van die leërskare.

God het nie sy liefde vir Jakob verander nie, maar Israel het God se insettinge in die Mosaïese verbond nie onderhou nie (Maleági 1:2; 3:6-7). Later is Israel daaraan herinner om aan die Wet van Moses te dink met sy verordeninge en oordele wat God vir hulle deur Moses by Horeb gegee het (Maleági 4:4).

"Israel se afvalligheid was regdeur hul geskiedenis 'n deurlopende tema. Hulle het uit gewoonte en voortdurend gesondig" (Verhoef 1987:301). Maar net so "onophoudelik soos hul neiging was om weg te draai van gehoorsaamheid aan die Here, so was daar 'n genadige aanbod van God: *Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer"* (Fruchtenbaum 2005:20). God het Israel geroep om na Hom terug te keer – en die Boek van Maleági sal eindig wanneer die Here Jesus Christus na Israel terugkeer (Maleági 4:6). Die manier om na God terug te keer (vgl. Deuteronómium 4:30-31), is deur bekering weg van sonde af en om God te vertrou en te gehoorsaam.

Baie kan afgelei word uit die volk se antwoord (Maleági 3:7b): hulle het gedink hulle was onskuldig; hulle het nie hul sonde begryp nie; en omdat hulle gedink het dat hulle God nooit verlaat het nie, het hulle nie juis rede gesien waarom hulle na Hom moes terugkeer nie. God het egter voorbeelde gegee van hoe die hele volk hul moes bekeer en na Hom terugkeer (vgl. Maleági 3:9). Dit klink vreemd dat die Jode God in tiendes en offergawes kon beroof en bedrieg, maar hulle het (Maleági 3:8; vgl. Nehemía 13:10-12). Constable (2015:35) merk op: "Hoe absurd dat mense 'God beroof'. ... Tog is dit wat die Israeliete gedoen het, want God het dit toegelaat. Hulle was diewe in die ergste graad: berowers van God."

Die volgende soort tiendes en offergawes is in die Mosaïese verbond vervat:

- 'n Tiende van die eerste (beste) drag van alle produkte en lewende hawe (of die geldelike ekwivalent daarvan) moes aan die Leviete gegee word (Levítikus 27:30-33; Númeri 18:21-24).
    - Op hul beurt moes die Leviete dan 'n tiende hiervan aan die priesters afgee (Númeri 18:26-28);
- Van wat oorgebly het, moes die Israeliete 'n tiende (of die geldelike ekwivalent daarvan) na die tempel in Jerusalem bring (Deuteronómium 12:5-7, 10-19; 14:22-26). Diegene wat ver van Jerusalem af gebly het, het

waarskynlik hierdie tiendes tydens die verpligte feesdae gebring (vgl. Levy 1992:64); en

- Elke derde jaar moes die Jode tiendes vir die armes bring (Deuteronómium 14:28-29).

Die algehele tiendes het dus nie 10% van die inkomste beloop soos wat algemeen gedink word nie, maar is nader aan 22,33%. Dit word bereken as 10% plus 9% (100 minus die eerste tiende van 10=90*10%) plus 3,33% (10%/3).

Die Wet van Moses was 'n voorwaardelike verbond gebaseer op die beginsel: "*As jy sal, dan sal God*". As Israel God sal gehoorsaam, sal Hy hulle seën; as Israel aan God ongehoorsaam is, sal Hy hulle vervloek. Deur nie die tiendes en offergawes te bring soos wat die Wet van Moses vereis het nie, is die ná-ballingskap volk in Maleági se tyd vervloek omdat hulle God beroof het (Maleági 3:9).[8] Dit is die derde van vier vloeke wat in Maleági genoem word (vgl. 1:14; 2:2; 4:6).

As Israel hul verhouding met die HERE van die leërskare wou herstel, moes hulle die bevel gehoorsaam om *al* die tiendes na die skathuis te bring (Maleági 3:10a). Die skathuis was in Jerusalem en was deel van die tempelgeboue (vgl. 1 Konings 7:51; Nehemía 10:38). As die Jode al die tiendes na die skathuis sou bring, sou die priesters wat boodskappers van die HERE is (vgl. 2:7), voedsel hê vir hul onderhoud. Verder, as Israel hierdie Mosaïese gebooie sou gehoorsaam, sou die vloek weggeneem word en sou God hulle weer seën. God het selfs vir die Jode in Maleági se tyd gesê, "... beproef My tog hierin". "Volgens Deuteronómium 6:16 laat God nie toe dat Hy beproef of getoets word nie, behalwe slegs in hierdie geval" (Fruchtenbaum 2005:22). Constable (2015:36) som dit goed op: "Dit is altyd verkeerd om God se lankmoedigheid te toets deur te sondig en sy genade te veronderstel. Dit is 'n ander saak om Hom toerekenbaar te hou vir sy beloftes, en só sy getrouheid te toets, wat God hier sy volk gevra het om te doen."

Watter seëninge sou van God ontvang word as die hele Joodse volk sy gebod sou gehoorsaam? Hulle sou reën kry en oorvloed hê; hul oeste sou nie deur sprinkaanplae verslind en vernietig word nie; die land sou herstel word tot vrugbaarheid; en vrugte sou tot wasdom ontwikkel en nie vroeg-vroeg op die grond val nie (Maleági 3:10-11; vgl. Levy 1992:67-68). Wat meer is, as Israel in die tyd van

---

[8] Constable (2015:36) sê, voorheen "het die HERE die priesters gekritiseer omdat hulle 'n offer van minderwaardige kwaliteit gebring het (1:7-14), en nou kritiseer Hy die volk omdat hulle 'n ontoereikende hoeveelheid offers gebring het (vgl. v. 10). Deur na te laat om die priesters en Leviete genoegsaam te onderhou, het die priesterlike diens in duie gestort gedurende Nehemía se afwesigheid uit Palestina (vgl. Neh. 10:32-39; 13:10)."

Maleági hierdie gebod in ag sou neem, sou al die nasies hulle vanweë hul pragtige land gelukkig noem (Maleági 3:12; vgl. Jesaja 62:4). Tydens die Millennium sal daar geen vloek op Israel wees nie (vgl. Maleági 4:6), die land sal oorvloed oplewer (Joël 3:18; Amos 9:11-15), en al die nasies sal elke jaar optrek om die Koning, die HERE van die leërskare, te gaan aanbid en die Huttefees te vier (Sagaría 14:16; vgl. Jesaja 2:2-4).

Praktiese toepassings:

- Wanneer ons sondig, moet ons ons sondes bely en na die Here terugkeer. Hy is getrou en regverdig om ons sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig (1 Johannes 1:9).
- Die gee van gawes is deel van algehele rentmeesterskap (1 Johannes 3:17).
    - Wat ons gee, gee ons vir die Here, so ver as moontlik in die geheim (Matthéüs 6:1-4, 19-24).
    - Gelowiges in die Kerkbedeling is onder die Wet van Christus; ons is nie onder die Wet van Moses nie (Romeine 8:2; Galásiërs 6:2);
    - Ons gee soos wat die Heilige Gees ons lei (Galásiërs 5:18; vgl. Romeine 6:14).
    - Ons moet met blymoedigheid gee, gereeld, en volgens die mate waarmee die Here ons voorspoedig maak (2 Korinthiërs 8:1-5; 9:6-14).
- Dissipels van Christus moet bereid wees om *alles* vir die Here af te staan, nie net 10% nie (vgl. Lukas 14:33).

Maleági 3:13-4:3: 13Vermetel is julle woorde teen My, sê die HERE. Maar julle vra: Wat het ons onder mekaar teen U gespreek? 14Julle het gesê: Dit is tevergeefs om God te dien, en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die HERE van die leërskare te wandel? 15En nou prys ons die vermeteles gelukkig; nie alleen word die wat goddeloosheid bedrywe, gebou nie, maar hulle versoek God en raak vry! 16Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer. 17En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die HERE van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. 18Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie. WANT kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. 2Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. 3En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die HERE van die leërskare.

Binne etniese Israel word die respons van die nie-oorblyfsel (Maleági 3:13-15) eerste aangedui voordat die respons van die ware Joodse oorblyfsel van Israel opgeteken word (Maleági 3:16-18; Fruchtenbaum 2005:23).

Voorheen het die volk die HERE met hul woorde vermoei; nou was hul woorde teen die HERE vermetel (Maleági 2:17; 3:13). Voorheen het hulle gesê dat God 'n behae in kwaaddoeners het (vgl. Maleági 2:17); nou het hulle gesê dat dit nutteloos en tevergeefs was om God te dien, dat daar geen voordeel daarin was om sy verordeninge te onderhou of oor hul sondes te rou nie (Maleági 3:13-14). McIntyre (2015) merk op dat hulle hul aanbidding vernietig het deur dit waardeloos te verklaar: "As hulle godsdienstige handelinge sou uitvoer, sou dit hulle niks baat nie; en as hulle dit sou nalaat, sou hulle niks slegter daaraan toe wees nie." Wat was verkeerd?

"Die grondliggende fout in die sprekers se verwagting was nie soseer dat hul godsdiensbeoefening skynbaar tevergeefs was nie, maar dat hulle geglo het dat die uiterlike beoefening van hul plig as sodanig, intrinsiek deel was van die wese van godsdiens" (Verhoef 1987:317; vgl. Kaiser 1984:99). As die klem net op die uiterlike val, het die volk geïnsinueer dat dit dan ("En nou") blykbaar beter was om die vermeteles gelukkig te ag, want die goddeloses was sterk en voorspoedig. Wat meer is, die goddeloses het in hul vermetelheid God selfs getoets, hulle het Hom nie gevrees nie, en dit het gelyk of hulle skotvry daarvan afkom (Maleági 3:15b).

Dan volg die respons van die Joodse oorblyfsel, die Israel van God (Maleági 3:16a). Die volgende is oor hierdie Joodse gelowiges opgeteken:

- Dit word twee keer van hulle gesê dat hulle waarlik "die HERE vrees". Hulle het eerbied en ontsag vir God gehad op grond van wie Hy is (vgl. Levy 1992:74). Dit word verbind met 'n heilige lewenswyse wat uit hierdie vrees vir die HERE voortspruit; dit is God wat die betekenis en genieting van die lewe voorsien (Kaiser 1984:99-100). Waar dit op hulle van toepassing was, sou hulle hul bekeer het van enige sondes wat Maleági uitgewys het.
    - Die begin van wysheid en kennis is om die HERE te vrees (Spreuke 1:7, 29; 2:5; 8:13; 10:27; 14:2, 11, 14, 26; 15:33; 19:23).
    - Dit is teologies baie belangrik om te besef dat daar onder daardie Jode wat uit die Babiloniese en Persiese ryke na Israel teruggekom het, 'n kleiner groep Jode was wat in die HERE God van Israel geglo en vertrou het. Nie alle Jode is gelowiges nie, maar daar word gemeenskaplik na gelowige Jode verwys as die "oorblyfsel van Israel", of die "Israel van God". Paulus sou later uitbrei oor die leerstelling van

die Joodse oorblyfsel (Romeine 2:28-29; 9:6-7; 11:1-6; vgl. Galásiërs 6:16).[9]

- Hulle het met mekaar gepraat (Maleági 3:16a). Dit impliseer dat hulle onderling bymekaar gekom het (vgl. Hebreërs 10:25). Wat presies hulle gesê het, is óf nie opgeteken nie óf dit kan uit Maleági 3:16b afgelei word (Verhoef 1987:320).
- Hulle het diep nagedink oor die Naam van die HERE, en het waarskynlik met mekaar oor die HERE van die leërskare gepraat (vgl. Maleági 1:6, 14). Hulle het hul harte en verstand op God gefokus: "Die oorblyfsel het die hoogste waarde geheg aan die Naam, dit is die karakter en wese van die HERE. Hulle het 'n inventaris gemaak van daardie Naam, en tot die gevolgtrekking gekom dat dit hul rykdom, besitting, en grootste skat was" (Kaiser 1984:100).

God het soos volg gereageer:

- Hy het geluister en hulle gehoor (Maleági 3:16).
- Die name van hierdie gelowiges ("die wat die HERE vrees") is voor God in 'n gedenkboek (of boekrol) opgeskryf (Maleági 3:16; vgl. Ester 6:1).
    - Op 'n tyd is die naam van elke mens in die Boek van die Lewe opgeskryf. Die name van ongelowiges kan egter uit die Boek van die Lewe uitgedelg word (Psalm 69:28; vgl. 139:16). Christus sê in Openbaring 3:5, "Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie." Thomas (1995:432) stel dit goed: "Die Boek van die Lewe is 'n Goddelike register vir elke lojale gelowige (vgl. Jes. 4:3; Ps. 69:29; Dan. 12:1) (Kiddle). Oorspronklik het dit die name bevat van almal vir wie Christus gesterf het, naamlik die hele wêreld, maar by die Groot Wit Troon oordeel sal baie oop spasies die uitwissing aandui van die name van baie wat nooit vir redding in Christus geglo het nie (Walvoord)." Volgens Fruchtenbaum (2005:24) bevat die Lam se Boek van die Lewe die name van al die mense wat weergebore is. Aangesien 'n saak deur twee of drie getuies moet kan staan (Matthéüs 18:16), sal die name van ongelowiges nie in die Boek van die Lewe of in die Lam se Boek van die Lewe voorkom nie (vgl. Openbaring 13:8).
    - Wat van die "gedenkboek" (Maleági 3:16), wat miskien beter vertaal kan word met "memorandum" (Deuel 1996:108)? In die konteks bevat hierdie boek die name van Joodse gelowiges, nie Joodse ongelowiges nie. Is hierdie memorandum of gedenkboek dieselfde as die Lam se Boek van die

[9] Sien ook Bylae B: *Seuns van Abraham — en seuns van Jakob/Israel ook*?

Lewe (Fruchtenbaum 2005:24) of bevat dit dalk net die name van die oorblyfsel van Israel, die Israel van God? Bevat dit net die name van die Joodse gelowiges wat op Maleági se boodskap gereageer het? 'n Mens kan slegs spekuleer.

- In die Dag wat die HERE van die leërskare sal skep, sal hierdie gelowiges "My tot 'n eiendom wees" (Maleági 3:17). Dié dag is die Dag van die HERE.[10] Volgens Fruchtenbaum (aangehaal in Scholtz 2015:2), verwys die Skrifte, wanneer dit na die spesifieke frase *die Dag van Jehovah* of *die Dag van die HERE* verwys, altyd na die sewe-jaar Verdrukkingstydperk, maar ander nie-negatiewe verwysings na *die dag* of *in die dag* kan geld vir beide die Verdrukkingstydperk en die Millennium. Die Verdrukkingstydperk word verstaan as 'n sewe-jaar tydperk onmiddellik voor die wederkoms van Jesus Christus na die aarde. Die Verdrukkingstydperk is dus die oorgang tussen hierdie bedeling en die bedeling wat gaan kom.
- In daardie dag sal die oorblyfsel van Israel God se besondere skat wees, sy eiendomsvolk (Maleági 3:17; vgl. Exodus 19:5; Deuteronómium 7:6; 14:2; 26:18; Psalm 135:4).
- Wat die Joodse oorblyfsel van die Verdrukkingsperiode betref (welke tydperk deel is van die Dag van die HERE): God sal hulle spaar (Maleági 3:17). Ná die Verdrukkingstydperk maar voor die vestiging van die Messiaanse koninkryk, sal die liggame van die Ou-Testamentiese heiliges opgewek word en hierdie heiliges sal loon ontvang (Daniël 12:2-3). Die oorblyfsel van Israel sal beslis die Groot Wit Troon oordeel gespaar word. Sal die Joodse oorblyfsel wat tydens die Verdrukkingsperiode lewe, gespaar word?
    - Volgens Verhoef (1987:323) sal God midde-in die "verdrukkings van die dag van oordeel [sy] barmhartigheid aan die vromes betoon deur hulle uit die vuurproef te red ...". Kaiser (1984:101) huldig ook die mening dat God die oorblyfsel sal red in die dag wanneer Hy die goddeloses straf.
    - "Tydens die Groot Verdrukking sal God 'n gelowige oorblyfsel van Israel red en hulle veilig in Sy koninkryk inbring" (Levy 1992:76; vgl. Fruchtenbaum 2005:25).

In daardie Dag van die HERE sal jy kan onderskei tussen die regverdiges en die goddeloses, tussen diegene wat God dien en die wat Hom nie dien nie. Net die regverdiges sal toegelaat word om die Messiaanse koninkryk in te gaan. Verhoef (1987:324) skryf: "Dit is tipies van Maleági se aanbieding van die Dag van die HERE

[10] Bylae A bespreek die frase "*Die Dag van die HERE*".

dat dit wesenlik 'n krisis (van *krínein*, "om te verdeel") binne die verbondsvolk self sal wees. Hierdie gedagte word verder en treffender uitgelê in vv.19-20 (Afr.4:1-3)".[11]

Die dag wat kom wat in Maleági 4:1a vermeld word, is die *Dag van die HERE* of die *Dag van Jehovah*. Soos bo aangetoon, verwys hierdie frase na die sewe-jaar Verdrukkingstydperk, ook bekend as die tyd van benoudheid vir Jakob (Jeremia 30:7) of Daniël se 70ste jaarweek (Daniël 9:24-27; 12:1). Dit is 'n tyd van oordeel oor die hele aarde.

Die laaste wêreldwye oordeel was die vloed in die tyd van Noag. Die motief in Maleági 4:1 is egter dat "die dag" soos 'n oond, of 'n vlammende smeltoond sal brand. Die uitwerking van "die dag" is dat al die vermeteles en almal wat goddeloos handel stoppels gemaak sal word en die dag wat kom, sal hulle verbrand (Maleági 4:1; vgl. Jesaja 2:12; Matthéüs 3:12). Teen die einde van die Verdrukkingstydperk en die oordeel van die skape en bokke direk daarná, sal "geen wortel of tak" oorbly nie, wat beteken dat al die goddeloses geheel en al verwyder sal word voordat die Messiaanse koninkryk op aarde gevestig word (Maleági 4:1; Matthéüs 25:31-46). Wat die finale oordeel van ongelowiges betref, sê Constable (2015:41) dat latere "openbaring die tyd van hierdie oordeel opklaar, naamlik die einde van die Millennium (Op. 20:11-15)." Ná Christus se duisendjarige regering, by die Groot Wit Troon oordeel, sal alle ongelowiges van alle tye in die poel van vuur gewerp word.

'n Baie groot kontras ("Maar") volg in Maleági 4:2: Maar vir *julle* "wat my Naam vrees", verwysend na die Joodse oorblyfsel (vgl. Maleági 3:16-18), sal daar geregtigheid, genesing en vreugde wees.

Verhoef (1987:328; vgl. Constable 2015:41) haal Psalm 37:6 en Jesaja 58:6 aan met die siening dat *geregtigheid* die sleutel woord en *son* die nader omskrywing daarvan is: "Op die Dag van die HERE sal geregtigheid sigbaar word net soos die son wat in al sy helderheid en heerlikheid skyn."

Ander verklaarders beskou egter die woorde "son van geregtigheid" (Maleági 4:2) as 'n Messiaanse titel. Kaiser (1984:105) meld dat die konteks van Maleági 3:1 "ons laat verwag het dat die regverdigheid en geregtigheid wat die vermeteles (vir hul eie redes) begeer het, in die "Engel [Boodskapper] van die verbond" gevind word wat die Vader sou "stuur". Hierdie siening is in die Joodse samelewing gevestig deur die

[11] Die Hebreeuse Bybel het nie hoofstuk aanwysings soos die Afrikaanse vertalings wat ons vandag het nie. Maleági 4:1-6 in ons Afrikaanse vertalings is Maleági 3:19-24 in die Hebreeuse Bybel.

priester Sagarías wat Maleági 4:2 en Jesaja 9:2 geïntegreer het in die Messiaanse situasie van Lukas 1:76-79." Soortgelyk word dit deur Fruchtenbaum (2005:26) gestel dat, waar die "voorloper soos die dagster of die môrester is wat die dagbreek aankondig ... hierdie son van geregtigheid, hierdie Boodskapper van die Verbond, die Messias is, wat die Een sal wees wat die Oorblyfsel genees [vgl. Psalm 107:20]." Die genesing is nie net verlossing uit oordeel nie, maar ook geestelike genesing van sonde. Die regverdiges sal vrolik uittrek soos kalwers wat ingehok was, want die "deurbreker" het gekom (Miga 2:12-13; Kaiser 1984:106).

Volgens Maleági 4:3 sal dit duidelik word dat daar voordeel daarin is om die verordeninge van die HERE van die leërskare te onderhou, want die goddeloses sal nie opgerig word nie, maar die regverdiges sal inteendeel die goddeloses soos stof onder hul voete vertrap (vgl. Maleági 3:13-14; Matthéüs 3:12). Daarvoor sal die HERE van die leërskare sorg "op die dag wat Ek skep".

Praktiese toepassings:

- Jesus se dissipels moet dieselfde fokus hê op God se Naam, kenmerkende eienskappe en Persoon as wat die gelowige Joodse oorblyfsel van Israel in Maleági se tyd gehad het. In Matthéüs 6:9-10 leer Jesus sy dissipels hoe om te bid en die gebed begin met 'n soortgelyke fokus op God se Naam ("Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word"), God se koninkryk ("u koninkryk kom"), en God se wil ("u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde").
- Om God te dien is nie tevergeefs nie. Inteendeel, godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins (1 Timótheüs 6:6; vgl. 1 Timótheüs 4:7-8; 6:11; 2 Petrus 3:11). Verder sal dissipels van Christus beloon word met krone en sekere vlakke van gesag vir diens in die Messiaanse koninkryk. Soos Jesus in die gelykenis van die onkruid in die saailand verduidelik het, sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader (Matthéüs 13:43).

Maleági 4:4-6: 4 Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel — insettinge en verordeninge. 5Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. 6En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

Die Boek van Maleági het met 'n illustrasie uit Génesis (Jakob en Esau) en talle verwysings na die Mosaïese en ander verbonde begin; nou sluit die Boek af met 'n

vermaning aan Israel om die Wet van Moses te onthou en om die profeet Elía te verwag voordat die groot en vreeslike Dag van die HERE aanbreek (Maleági 4:4-6). As Israel sou ag slaan op die Wet van Moses wat God vir hulle op Berg Horeb deur sy dienskneg Moses gegee het, sou seëninge volg; as Israel aan die Wet ongehoorsaam sou wees, sou vloeke volg. Met die voordeel van vorige kennis weet ons dat dit die laaste oproep aan Israel was om ag te slaan op die "Wet en die profete" voordat Johannes die Doper omtrent 460 jaar later sou preek.

Die profeet Elía gaan "die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie" (Maleági 4:6).

Maleági 4:5-6 het al tot baie bespreking gelei. Wolf (aangehaal deur Kaiser 1984:107-108; vgl. Kaiser 1982:227) identifiseer 'n verband tussen Maleági 3:1 en 4:5-6 soos gesien in die herhaling van die woord "Kyk" in beide kontekste (sien ook Maleági 4:1), die frase "Ek stuur", die bereiding van die weg en 'n herstel (soos in werkwoorde wat 'n "ommekeer" impliseer), en verwysings na die groot en vreeslike Dag van die HERE.

Het Johannes die Doper al die profesieë vervul met betrekking tot die voorloper(s) waarna Maleági verwys? Keiser (1982:230) sê dat tipies drie antwoorde voorgestel word: (1) Baie Amillennialiste sê dat Johannes die Doper alles vervul het wat voorspel is oor die boodskapper wat die weg sou berei en dus sal Elía nie weer kom nie (Verhoef 1987:341; Hagner 2000:305-308); (2) die profeet Elía sal persoonlik herverskyn en weer eens 'n bediening hê aan die einde van hierdie bedeling (Barbieri 1983:44, 60; Fruchtenbaum 2005:28); en (3) 'n "Profeet soos Elía" sal voor die Tweede Koms van die Here Jesus Christus na die aarde kom (Pentecost 1958:311-312; Kaiser 1984:107-109).

Ek glo die profeet Elía sal persoonlik herverskyn voor die groot en vreeslike Dag van die HERE aanbreek, vir die volgende redes:

1. Meeste mense sal saamstem dat Johannes die Doper die voorloper vir Christus se Eerste Koms was en só die profesieë van Jesaja 40:3 en Maleági 3:1a vervul het (Matthéüs 3:3; 11:10). Maar in stryd met Hagner (2000:308) se siening, Matthéüs 11:14 leer dat Johannes die Doper die rol van Elía kon vervul het slegs "*as julle dit wil aanneem*". Soos wat die onmiddellike en wyer kontekste van Matthéüs 11:14 aandui, nie net is die koninkryk van die hemele geweld aangedoen nie, maar Johannes die Doper is deur die meerderheid van "hierdie geslag" in Israel se nasionale geskiedenis verwerp (Matthéüs 11:12-19; 14:1-12). Aangesien die

voorwaarde nie aan voldoen was nie, het Johannes die Doper nie Elía wat nog kom se rol vervul nie (Matthéüs 11:14; 17:10-11).

2. Was dit *moontlik* dat Johannes die Doper die profesie wat in Maleági 4:5-6 genoem word, *kon* vervul het? Selfs al was Johannes die Doper nie letterlik die profeet Elía nie (Johannes 1:21) maar slegs "soos Elía", bevestig die Evangelies hierdie moontlikheid in terme van *voorwaardelikheid*, maar toon ook duidelik aan dat daar nie aan hierdie voorwaarde voldoen is nie (vgl. Matthéüs 11:12-14). Johannes die Doper deel baie eienskappe met Elía (Matthéüs 3:3); hy gaan voor die Here uit "in die gees en die krag van Elía" (Lukas 1:17a). Johannes die Doper het selfs "baie" van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God (Lukas 1:16). Maar wat Johannes die Doper níé gedoen het níé, is om alles te herstel soos Jesus gesê het Elía in die toekoms nog sal moet kom doen (Matthéüs 17:11). Johannes die Doper is 'n byna-volmaakte tipe van die antitipe, Elía: Johannes die Doper was die voorloper van Christus se Eerste Koms; Elía sal die voorloper van Christus se Tweede Koms wees.
3. As dit moontlik was dat 'n "profeet soos Elía" die profesie in Maleági 4:5-6 tydens Jesus se Eerste Koms kon vervul het, waarom sou iemand dan nog daarop aandring dat, naby die einde van hierdie bedeling, hierdie profesie nog steeds letterlik vervul moet word deur die werklike Elía? Eerstens, Jesus het vir sy dissipels gesê: "Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel" (Matthéüs 17:11). Op 'n tyd toe Johannes reeds vermoor is (vgl. Matthéüs 14:1-12), sê Jesus dat Elía "kom eers en sal alles herstel", verwysend na toekomstige gebeure. Die eenvoudige betekenis van Matthéüs 17:11 word nie weerspreek deur die volgende twee verse nie, maar verduidelik dat wat met die eerste voorloper gebeur het ook met Jesus tydens sy Eerste Koms sal gebeur (Matthéüs 17:12-13). Tweedens, Maleági 4:5-6 bevat 'n letterlike profesie oor 'n letterlike persoon wat sal kom voor die groot en vreeslike Dag van die HERE. Hierdie profesie sal vervul word wanneer Elía kom. Derdens, met verwysing na die martelaar Victorinus, Tertullianus, Commodianus en selfs ook Augustinus, toon Peters (1972:565-566) aan dat die vroeë Kerk dit eens was dat Elía in die toekoms sal terugkeer. Vierdens, die Dag van die HERE het nie aangebreek tydens of ná Christus se Eerste Koms nie (vgl. Maleági 4:5). Toe "hierdie geslag" in Israel se geskiedenis die Messiasskap van Jesus verwerp het op die basis dat Hy deur Satan ingeneem was (Matthéüs 12:23-32), is nie slegs die vestiging van die Messiaanse koninkryk kragtens die Dawidiese verbond "uitgestel" nie (gesien vanuit 'n menslike oogpunt), maar die groot en vreeslike Dag van die HERE is ook uitgestel. Jesus verduidelik dit in die gelykenisse van die onkruid in die saailand en die treknet

(Matthéüs 13:24-30, 36-43, 47-50). Die gebeurtenisse rondom 70 nC het nie die profesieë vervul wat met die Dag van die HERE verband hou nie.

Op grond van bostaande redes glo ek dat Jesus gesê het dat Elía inderdaad sal kom voor die groot en vreeslike Dag van die HERE om alles te herstel (Maleági 4:5-6; Matthéüs 17:11; vgl. Toussaint 1980:211; Barbieri 1983:44, 60).

Wanneer die profeet Elía kom, sal hy nie net die Joodse sosiale orde herstel nie, maar die oorblyfsel van die Verdrukkingstydperk sal terugkeer na die geloof wat hul vaders in die ou dae, in die voortyd, gekenmerk het (vgl. Verhoef 1987:342). Die Joodse oorblyfsel van die Verdrukkingstydperk se geloof in die Messias sal wees soos dié van Jakob, Levi, Moses, Elía en Maleági – almal gelowiges wat in die Boek van Maleági genoem word. Met betrekking tot die vloek waarna Maleági 4:6 verwys merk Constable (2015:43) op:

> As die HERE nie *hierdie* "Elía" stuur nie, en as *hy* nie die harte van die Jode tot God laat terugkeer nie, sal die Here moet kom (in die persoon van die Messias) en die aarde "met 'n vloek" tref. Omdat die Jode in geloof na Jesus Christus sal kom (Sag. 12:10), sal seën na die aarde kom, nie 'n vloek nie (vv. 2-3; vgl. Sag. 14:11; Rom. 11:26). Dit is nog 'n verwysing na omstandighede in die Millennium.

Génesis 3 maak die intrede van die vloek in die menslike ras bekend en die laaste woorde in die Ou Testament verwys steeds na 'n vloek (Scofield 2002:1290). Maar met die Tweede Koms van Christus sal die oorblyfsel van Israel die Messiasskap van Jesus erken en Hom in geloof aanroep: "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Matthéüs 23:39; vgl. Hoséa 5:15-6:3). Om God te dien is nie tevergeefs nie; dit is reg om sy verordeninge te onderhou (vgl. Maleági 3:14). Binnekort sal alles onder die son verander, want die Boodskapper van die verbond sal sorg dat die vloek weggeneem en sy Messiaanse koninkryk op aarde gevestig word. Aan Jesus Christus die eer, groot dinge het Hy gedoen – en groot dinge sal Hy nog doen!

Bylae A: Die Dag van die HERE

Hoe moet "die Dag van die HERE" gedefinieer word? Hoe pas "die dag van Christus" – indien enigsins – in die "Dag van die HERE" in? Hoe – indien enigsins – hou die Dag van die HERE verband met die wegraping en/of die Verdrukkingstydperk en/of die Millennium en/of ander eskatologiese gebeurtenisse?

In die Afrikaanse Bybel kom die spesifieke frase "Dag van die HERE" 16 keer voor in die Ou Testament (Jesaja 13:6, 9; Eségiël 13:5; Joël 1:15; 2:1, 11, 31; 3:14; Amos 5:18 (twee maal), 20; Obádja 15; Sefánja 1:7, 14 (twee maal) en Maleági 4:5). Hierdie frase word dus 13 keer in die twaalf Klein Profete aangetref. Die Ou Testament verwys ook dikwels na "'n dag" (bv. Jesaja 2:12; Eségiël 30:3; Sefánja 1:15, 16; Sagaría 14:1), "dié/die dag" (bv. Jesaja 2:11b, 17b; 24:21; Joël 1:15a; Sefánja 1:15; Maleági 3:17; 4:1, 3), "in/op die dag" (bv. Eségiël 13:5; Maleági 3:17), of variasies van die spesifieke frase, soos "die groot en deurlugtige Dag van die HERE" (Joël 2:31; sien ook Sefánja 1:14; Maleági 4:5). In die Nuwe Testament kom die spesifieke frase "die dag van die Here" voor in onder andere 1 Thessalonicense 5:2 en 2 Petrus 3:10. In Filippense 1:6; 2:16 en 2 Thessalonicense 2:2 word verwys na "die dag van Christus" terwyl ander tekste variasies van hierdie bewoording gebruik (vgl. 1 Korinthiërs 1:8; 3:9-10; Filippense 1:6).

Constable (2015a:12-13; klem bygevoeg) skryf dat die Dag van die HERE "verwys na 'n dag waarin die Here *sigbaar* werk, in teenstelling met ander dae, die dag van die mens, waarin die mens werk sonder enige klaarblyklike goddelike tussentrede." Byvoorbeeld, in die tyd van Joël (2:1), was daar 'n merkwaardige "dag" toe 'n sprinkaanplaag die lande en die oes vernietig het. Anders as wanneer God in sy voorsienigheid handel, sal God in die eskatologiese "Dag van die HERE" duideliker en direkter ingryp. Die "eskatologiese Dag van die HERE wat die profete verwag het, sluit beide oordeel (in die Verdrukking) en seën (in die Millennium en daarná) in" (Constable 2015a:13).

Nie almal sal saamstem met hierdie algemene beskrywing van die Dag van die HERE nie. Augustinus het byvoorbeeld gesê dat die "Dag van die HERE" die wederkoms van Christus, die opstanding uit die dood en die laaste oordeel insluit. Vir Augustinus verwys hierdie "dag" nie na 'n 24-uur tydperk nie, maar dit word eerder gekenmerk deur 'n proses of reeks van oordele (vgl. Blaising 2012a:4). Aangesien Augustinus gedink het dat die Kerkdispensasie 1 000 jaar sou duur, het sy begrip van die "Dag van die HERE" die seëninge van 'n fisiese Christusregering op aarde oor al die nasies in die Messiaanse koninkryk uitgesluit. "Toe die jaar 1000 egter sonder Christus se wederkoms gekom en gegaan het, is Augustinus se chronologie

gediskrediteer. Amillennialiste moes gevolglik die duur van die millenniale koninkryk sowel as die betekenis daarvan vergeestelik" (Crutchfield 1996:60).

Ek volg 'n premillenniale begrip van wat die "lang Dag van die HERE" siening genoem kan word. Volgens dié siening sluit die "Dag van die HERE" die *wegraping van die Kerk, die Verdrukkingstydperk, die Millennium, die laaste oordeel by die Groot Wit Troon en (moontlik) die herskepping van die hemel en die aarde in* (vgl. Pentecost 1958:229-232). As dit so is, hoe kan die verskillende terme en aspekte vir die beskrywing van die Dag van die HERE versoen word?

Blaising (2012b:259-270) wys nie alleenlik daarop "dat die koms van die HERE en die koms van die Dag van die HERE verwante konsepte in 'n aantal tekste" is nie (Sagaría 14:1-5; Maleági 3:1-2; 1 Korinthiërs 1:7-8; 2 Petrus 3:4-10), maar hy voer ook oortuigend aan dat Paulus in sy brief aan die Thessalonicense die wegraping met die Dag van die HERE verbind het (vgl. 1 Thessalonicense 4:13-5:11). "Paulus het 'n voor- of aanvangs Dag-van-die-HERE wegraping geleer, met die Dag van die HERE wat 'n verlengde gebeurtenis is, soos gesien in Daniël se sewentigste jaarweek" (Blaising 2012b:264-265). Dit blyk verder dat die "dag van Christus" verbind kan word met die wegraping van alle gelowiges in die Kerk-era, hetsy diegene wat in Christus gesterf het of gelowiges in Christus wat fisies leef wanneer die dag van Christus aanbreek. Dus, die wegraping is 'n aspek van die Dag van die HERE.

Wat is die Verdrukkingstydperk? Dit word verstaan as 'n sewe-jaar tydperk onmiddellik voor die wederkoms van Jesus Christus na die aarde toe, en staan ook bekend as die tyd van benoudheid vir Jakob (Jeremia 30:7) of Daniël se 70ste jaarweek (Daniël 9:24-27; 12:1). Hoe hou die Verdrukkingstydperk verband met die Dag van die HERE? Volgens Fruchtenbaum (aangehaal in Scholtz 2015:2), verwys die Skrifte, wanneer dit na die spesifieke frase *die Dag van Jehovah* of *die Dag van die HERE* verwys, altyd na die sewe-jaar Verdrukkingstydperk, <u>maar</u> ander nie-negatiewe verwysings na *die dag* of *in die dag* kan vir beide die Verdrukkingstydperk *en* die Millennium geld. Die Verdrukkingstydperk is dus die oorgang tussen hierdie bedeling en die bedeling wat gaan kom.

Die Verdrukkingstydperk sal gekenmerk word deur verskrikking (Jesaja 2:19-21), deur toorn, teenspoed, benoudheid, angs, verwoesting, duisternis en donkerheid (Sefánja 1:14-18). Hierdie 7-jaar tydperk is 'n tyd van oordeel oor die hele aarde (Jesaja 2:10-21; 1 Thessalonicense 5:1-3). Jesus verwys na die laaste drie en 'n half jaar van hierdie sewe-jaar tydperk as die Groot Verdrukking (*thlipsis megala* – Matthéüs 24:21; vgl. Daniël 12:1). Alhoewel die Verdrukkingstydperk die hele aarde sal tref, verbind Fruchtenbaum (1996:88) vyf Skrifgedeeltes oor die Dag van die HERE direk

met Israel: ten opsigte van vals profete tydens die Verdrukking (Eségiël 13:1-7); met 'n tyd van donkerheid en inval in Israel (Joël 2:1-11); 'n tyd van verlossing vir Israel (Joël 3:14-17); 'n tyd van duisternis vir die volk Israel (Amos 5:18-20); en as 'n tyd van besoeking vir Jerusalem (Sefánja 1:7-13).

Hoe sal die Verdrukkingstydperk begin? Daniël se profesie van die 70 jaarweke beskryf die aanvang, middelpunt en einde van die Verdrukkingstydperk (Price 1996:414). Volgens Daniël 9:27a sal die Antichris 'n verbond met Israel sluit vir "een week", wat verstaan moet word as 'n week van jare, d.w.s. sewe jaar. Hierdie week (van sewe jaar) is die 70ste week van dié profesie. Wanneer hierdie verbond onderteken word, sal die sewe-jaar Verdrukkingstydperk begin. Aangesien Daniël 9:24-27 oor "jou volk en jou heilige stad" (Daniël 9:24a) handel, impliseer dit nie slegs dat party Jode in hul land moet terug wees nie, maar dat Israel weer 'n volk moet wees. Sedert 1948 kan so 'n verbond onderteken word; sedert 1967 het Israel groter beheer oor hul hoofstad maar totdat die Messias terugkom, sal dié beheer oor Jerusalem nie algeheel of permanent wees nie (vgl. Lukas 21:24).

Wanneer Israel egter hierdie verbond met die Antichris sluit, sal "mega benoudheid" aanbreek. Die apostel Paulus het waarskynlik na hierdie gebeurtenis verwys toe hy geskryf het "dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle" (1 Thessalonicense 5:2-3). Vir gelowiges behoort dit nie as 'n verrassing te kom nie, maar ongelowiges sal onkant betrap word (1 Thessalonicense 5:4-6, 7). Daar is vandag toenemend internasionale druk op Israel om ooreenkomste te onderteken (soos byvoorbeeld "grondgebied vir vrede"; vgl. Joël 3:2b) wat sogenaamd "vrede en veiligheid" sal teweegbring, maar daar sal nie vrede óf veiligheid wees voordat die Here Jesus Christus na die aarde terugkeer nie.

In die middel van die sewe-jaar tydperk, d.w.s. ná drie en 'n half jaar of 42 maande of 1 260 dae, sal die Antichris in die tempel in Jerusalem ingaan (wat impliseer dat 'n tempelstruktuur in daardie tyd in Jerusalem herbou sal wees; vgl. Openbaring 11:1b-2), en homself tot God verklaar (Daniël 9:27; Matthéüs 24:15; 2 Thessalonicense 2:4). Dit is op hierdie stadium dat diegene wat in Judéa is sonder enige verwyl na die berge moet vlug (Matthéüs 24:16-22).

Die Verdrukkingstydperk sal ná 'n tydperk van sewe jaar eindig wanneer die oordele voltrek is wat in Openbaring 6-18 beskryf word, en wanneer Christus in groot krag en heerlikheid terugkom (Matthéüs 23:39; 24:29-30).

Price (1996:415) sê dat die Ou Testament minstens die volgende vyf oogmerke van die Verdrukking gee:

- "Die Verdrukkingstydperk sal die voltooiing wees van die vasgestelde tydperk van nasionale Israel se regmatige verharding as straf vir hul verwerping van die messiaanse program, wat nie deur die gedeeltelike terugkeer uit ballingskap opgehef is nie en gekulmineer het in hul nasionale verwerping van Jesus (Jesaja 6:9-13; 24:1-6; vgl. Johannes 12:37-41; Romeine 11:7-10).
- Dit sal 'n messiaanse herlewing skep onder Jode wat regoor die wêreld verstrooi is (Deuteronómium 4:27-30; vgl. Matthéüs 24:14; Openbaring 7:1-4).
- Die Verdrukking sal die Joodse nasie oortuig van hul nood vir die Messias sodat 'n nasionale weergeboorte kan plaasvind (Jesaja 59:20-21; Jeremia 31:31-34; Eségiël 20:34-38; 36:25-27; 37:1-14; Daniël 12:5-7; Sagaría 12:9-13:2).
- Dit sal die tyd van die heidennasies beëindig en die Joodse nasie se bevryding uit heidenoorheersing bewerkstellig (Jesaja 24:21-23; 59:16-20; vgl. Matthéüs 24:29-31; Markus 13:24-27; Romeine 11:25).
- Die Verdrukking sal die aarde suiwer van bose mense sodat die Messiaanse koninkryk in geregtigheid gevestig sal word (Jesaja 11:9; 13:9; 24:19-20; Eségiël 37:23; Sagaría 13:2; 14:9). Hierdie gewelddadige afskaling van die wêreld se ongelowige bevolking sal die resultaat wees van die Goddelike oordele wat regdeur die Verdrukking uitgestort word (Openbaring 6-18), met die klimaks in die Slag van Armagéddon onder die Messias Koning (Openbaring 19) en sy suiwering van weerspannige Jode en heidenoorheersers aan die einde van die Verdrukking (Eségiël 20:33-38; Matthéüs 25:31-46)."

Wanneer Christus na die aarde teruggekeer het, sal die Seun van Dawid aan die einde van 'n 75-dae tussenpose die Messiaanse koninkryk kragtens die Dawidiese verbond vestig (vgl. Daniël 12:7, 11-12). Die Here Jesus Christus sal vir 'n geseënde duisend jaar vanaf die troon van Dawid in die stad van die groot Koning oor Israel en al die nasies heers (Jesaja 9:6-7; Daniël 7:13-14; Sagaría 14:16-21; Openbaring 20:1-6). Gedurende hierdie tyd sal Satan in 'n put gebind wees en gevalle engele/demone sal elders opgesluit wees (Jesaja 13:21-22; 34:5-15; Openbaring 18:2; 20:1-3). Aan die einde van die duisendjarige regering sal 'n laaste opstand met vuur uit die hemel beëindig word, dan sal die laaste vyand (die dood) by die Groot Wit Troon oordeel oorwin word, en dan sal die Messiaanse koninkryk (wat 'n fase van die Mediatoriale koninkryk van God op aarde is) verenig met God die Vader se Universele en Ewige koninkryk (1 Korinthiërs 15:24-28; Openbaring 20:7-15). Daar sal 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees, wat die "Dag van die HERE" voltooi (vgl. Openbaring 21-22).

Bylae B: Seuns van Abraham — en seuns van Jakob/Israel ook?
Wie is 'n seun van Abraham? As jy 'n seun van Abraham in een of ander sin is, maak dit jou outomaties ook 'n seun van Jakob/Israel se 12 seuns?

Na die vloed stam elke mens van Sem, Gam of Jafet af (vgl. Génesis 10). Onder die afstammelinge van Sem kom daar egter 'n belangrike ontwikkeling deur Abraham (vgl. Génesis 12). Abraham het baie seuns gehad. Al Abraham se biologiese seuns is vanselfsprekend "seuns van Abraham". Dus is Ismael, Simran, Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag almal seuns van Abraham (Génesis 17:18-22; 25:1-4). Van die afstammelinge van Sem kan die biologiese lyn deur Abraham beskou word as "seuns van Abraham" – ander Semiete is nie biologies "seuns van Abraham" nie; die nageslag van Gam of van Jafet kán onmoontlik biologiese "seuns van Abraham" wees nie.

Die verbond wat God eensydig en onvoorwaardelik met Abraham gesny het (vgl. Génesis 12:1-3; 15; 17:1-19) was net met een "seun van Abraham" bevestig, naamlik met Isak (Génesis 17:19; 26:1-5). Wat Isak se tweelingseuns betref, Esau en Jakob — en beide is duidelik ook "seuns van Abraham" —God het die verbond met Abraham nie met die oudste, Esau, bevestig nie, maar met Jakob, wat later 'n nuwe naam "Israel" gekry het (Génesis 28:13-15; 32:28). Meer nog, die verbond met Abraham was later ook met Jakob/Israel se 12 seuns bevestig, dit is, met die nasie Israel (Génesis 49).

'n Jood is 'n (biologiese) afstammeling van Abraham, Isak en Jakob/Israel. Dit is die algemene reël. Daar is een uitsondering: 'n kind van 'n Joodse vrou en 'n nie-Joodse man kan kies of hy/sy as 'n Jood beskou wil word. Indien so, en indien die persoon manlik is, behoort hy besny te word in terme van die Abrahamitiese verbond (nie die Mosaïese verbond nie!). Dit is wat Timótheüs gedoen het (Handelinge 16:3).

Maar neem in ag wat die HERE vir die Jode deur Moses sê: "Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is. Besny dan die voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie" (Deuteronómium 10:15-16). Hierdie Joodse afstammelinge van Abraham word aangespreek om gered te word uit genade deur die geloof, om dus gelowiges te word wat die geloof te deel wat Abraham het (vgl. Matthéüs 3:7-9).

Baie jare ná Moses ontvang 'n mismoedige Elía hierdie antwoord van die HERE: "Maar Ek sal seweduisend in Israel laat oorbly, al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie" (1 Konings 19:18). Selfs al is Israel die uitverkore nasie aan wie die onvoorwaardelike Abrahamitiese, Land, Dawidiese en Nuwe verbonde behoort, beteken dit nie dat elke Jood outomaties 'n gelowige is of was nie. Na die Babiloniese ballingskap het 'n "oorblyfsel" na die land van Israel teruggekeer. Maar ook in die dae van Maleági is dit klinkklaar duidelik dat nie elke Jood 'n gelowige was nie, want slegs 'n klein oorblyfsel het die HERE gevrees (Maleági 3:16).

Hoe kan bogenoemde gerekonsilieer word? Paulus, 'n Jood, praat met Jode ("my broers, my stamgenote na die vlees...hulle is Israeliete") as hy onder inspirasie skryf dat "hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word" (Romeine 9:3b-4a, 6b-7).

Wie is dan 'n Jood? Vroeër, in dieselfde brief, skryf Paulus aan die Jode ("jy dra die naam van Jood en steun op die wet — Romeine 2:17) en beskryf hulle as die mense van die besnydenis (vgl. Romeine 2:25-27). Dan voeg Paulus by: "Want nie hý is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God" (Romeine 2:28-29). Die opvolgende verse maak dit nogmaals duidelik dat in hierdie gedeelte van Romeine, Paulus met Jode praat (Romeine 3:1-8).

Paulus bevestig bloot wat Moses geleer het en wat in die dae van Elía en Maleági geillustreer is, naamlik dat hy of sy is 'n "voltooide" Jood wat nie net biologies van Abraham, Isak en Jakob/Israel afstam nie, maar wat ook weergebore is, wie se hart deur die Gees besny is, wat geestelik lewendig gemaak is. Fruchtenbaum (1989:703: eie vertaling) skryf dat die "ware Jood is 'n Jood beide uiterlik en ook innerlik", hulle is nie net biologies Jode nie, maar dit ook geestelik (Fruchtenbaum 2005a:4).

Wat van nie-Jode, hulle wat nie biologiese afstammelinge van Jakob/Israel is nie, kan hulle seuns en dogters van Abraham word? Hulle kan nie biologiese afstammelinge van Abraham word nie, maar hulle kan in 'n geestelike sin seuns en dogters van Abraham word, *mits* hulle in Jesus Christus glo, want Abraham is die (geestelike)

vader van almal wat glo, vir dié wat besny is, dit is die Jode, of dié wat nie besny is nie, die nie-Jode (Romeine 4:11-12).

Beteken dit dat alle onderskeidende kenmerke nou uitgewis is? Galasiërs 3:28-29 sê: "Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename." Sou u sê dat alle verskille tussen mans en vrouens uitgewis is? Nee, natuurlik nie. Bestaan daar steeds onderskeide tussen werkgewers en werknemers? Ja, natuurlik. Wanneer dit by regverdigmaking, heiligmaking en uiteindelike verheerliking kom, hierin is daar geen onderskeid nie: almal word gered uit genade deur geloof in Jesus Christus (plus niks). Hierin is daar geen onderskeid nie.

(Tydens die Kerk-era (van Pinkster tot die wegraping) word 'n nuwe entiteit in Christus gevorm. Joodse en nie-Joodse gelowiges word deur die Heilige Gees in die een liggaam van Christus gedoop. Daar is egter nog steeds verskille: sommige is leiers in die plaaslike kerk, ander nie; sommige lede van die liggaam is mans, ander is vrouens; sommige het hierdie gawe(s) ontvang, ander ontvang 'n ander gawe. Wanneer Christus sy bruid kom haal, fokus God sy plan op Israel en al die ander nasies.)

Wanneer 'n nie-Jood tot geloof in Christus kom, word hy of sy 'n seun of dogter van Abraham slegs in 'n geestelike sin. Maak dit van die nie-Joodse gelowige skielik ook 'n biologiese afstammeling van Abraham, Isak en Jakob/Israel? Nee, natuurlik nie. As iemand in 'n geestelike sin 'n seun of dogter van Abraham word elimineer dit nie alle ander sinne soos geslag, etnisiteit, funksies, ensovoorts nie. Wanneer iemand vir jou sê maar dit doen wel, vra daardie persoon wat gebeur het toe hy of sy tot weergeboorte gekom het: het jy skielik van geslag verander, van manlik na vroulik, of andersom? Wat verander het toe jy jou geloof en vertroue in Jesus Christus geplaas het, is dat die Heilige Gees jou wederbaar het, ge-regenereer het (in Engels: 'regenerated') deur jou menslike gees lewendig tot God te maak.

Word 'n nie-Joodse gelowige nie miskien 'n "geestelike Jood" nie? Nêrens leer die Bybel dat 'n nie-Joodse gelowige skielik 'n biologiese afstammeling van Jakob/Israel en sy 12 seuns word nie (vgl. Fruchtenbaum 1989:702). 'n Nie-Joodse gelowige is 'n biologiese afstammeling van Gam, of van Jafet of selfs 'n Semiet maar dan nie deur

Abraham, Isak en Jakob/Israel se lyn nie. Die nasionaliteit of biologiese agtergrond wat jy het verander nie as jy tot geloof in Christus kom nie; wat verander is dat jy geestelik ’n seun of dogter van Abraham word wanneer jy tot geloof in Christus Jesus kom, maar dit maak nie van nie-Jode skielik Jode nie. Weer eens, biologies beskou, ’n Jood is ’n afstammeling van Abraham, Isak en Jakob/Israel — en indien so ’n Jood ’n gelowige word, is hy of sy deel van die oorblyfsel van Israel, die Israel van God (vgl. Romeine 11:5-6; Galasiërs 6:16).

Aan wie behoort die onvoorwaardelike verbonde? Dit behoort aan die uitverkore nasie, die Joodse nasie Israel (Romeine 9:4). Het God reeds al die onvoorwaardelike beloftes wat Hy aan Israel gemaak het vervul? Nee, nog nie. God sal dit egter doen, nie omdat Israel altyd so gehoorsaam of voorbeeldig is nie, maar omdat God vertrou kan word, Hy is nie ’n leuenaar nie maar ’n waar-maker van sy beloftes. Hy sal dit alles tot vervulling bring deur Jesus Christus, Seun van Dawid en Seun van Abraham (vgl. Matthéüs 1:1).

Bronne gebruik

Archer, G.L., 1964, *A survey of Old Testament introduction*, Moody Press, Chicago.

Barbieri, L.A., 1983, 'Matthew', in J.F. Walvoord & R.B. Zuck (reds.), *The Bible Knowledge Commentary: New Testament*, bladsye 13–94, David C. Cook, Colorado Springs.

Blaising, C.A., 2012a, 'The Day of the LORD: Theme and pattern in Biblical theology', *Bibliotheca Sacra* 169(673), 3-19.

Blaising, C.A., 2012b, 'The Day of the LORD and the rapture', *Bibliotheca Sacra* 169(675), 259-270.

Clendenen, E.R., 1987, 'The structure of Malachi: A text-linguistic study', *Criswell Theological Review* 2(1), 3-17. Beskikbaar by: https://faculty.gordon.edu/hu/bi/ted_hildebrandt/OTeSources/39-Malachi/Text/Articles/Clendenen-MalachiStructure-CTR.pdf

Constable, T.L., 2015, *Notes on Malachi, 2015 edition*, Sonic Light. Beskikbaar by: www.soniclight.com/constable/notes/pdf/malachi.pdf

Constable, T.L., 2015a, *Notes on Joel, 2015 edition*, Sonic Light. Beskikbaar by: www.soniclight.com/constable/notes/pdf/joel.pdf

Coupar, R.A.J, 2015, *Malachi – an overview*, Private notas.

Crutchfield, L., 1996, 'Augustine', in M. Couch (red.), *Dictionary of premillennial theology,* bladsye 58-60, Kregel Publications, Grand Rapids.

Deuel, D.C., 1996, 'Malachi 3:16: "Book of remembrance" or royal memorandum? An exegetical note', *The Master's Seminary Journal*, 7(1), 107-111. Beskikbaar by: www.tms.edu/msj/msj7.1.5/

Fruchtenbaum, A.G., 1989, *Israelology: The missing link in systematic theology*, Ariel Ministries, Tustin.

Fruchtenbaum, A.G., 1996, 'Day of the LORD', in M. Couch (red.), *Dictionary of premillennial theology,* bladsye 87-88, Kregel Publications, Grand Rapids.

Fruchtenbaum, A.G., 2005, *The book of Malachi*, Ariel Ministries, Tustin. Beskikbaar by: www.arielc.org/mbs/mbs096-pdf.html

Fruchtenbaum, A.G., 2005a, 'Die oorblyfsel van Israel: Verlede, hede en toekoms', MBS191, *Ariel Ministries*, Tustin. Beskikbaar by: www.faithequip.co.za/products/product.php?product_id=312

Kaiser, W.C., 1982, 'The promise of the arrival of Elijah in Malachi and the Gospels', *Grace Theological Journal* 3(2), 221-233. Beskikbaar by: https://faculty.gordon.edu/hu/bi/ted_hildebrandt/ntesources/ntarticles/gtj-nt/kaiser-gospels-elijah-gtj-82.pdf

Kaiser, W.C., 1984, *Malachi: God's unchanging love*, Baker Book House, Grand Rapids.

Levy, D.M., 1992, *Malachi: Messenger of rebuke and renewal*, The Friends of Israel Gospel Ministry Inc., Bellmawr.

McIntyre, B., 2015, *Study in Malachi*, Private notas.

Pentecost, J.D., 1958, *Things to come: A study of Biblical eschatology*, Zondervan, Grand Rapids.

Peters, G.N.H., 1972, *The Theocratic Kingdom*, vol. 2, Kregel Publications, Grand Rapids.

Price, J.R., 1996, 'Tribulation, Old Testament references to the', in M. Couch (red.), *Dictionary of premillennial theology,* bladsye 412-415, Kregel Publications, Grand Rapids.

Scholtz, J.J., 2014, 'The kingdom of heaven and Matthew 10', *In die Skriflig* 48(1), Art. #1782, 8 bladsye. Beskikbaar by: www.indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/viewFile/1782/2553

Scholtz, J.J., 2015, 'Behold the glory of the King: The chiastic structures of Matthew 21-25', *In die Skriflig* 49(1), Art #1856, 8 bladsye. Beskikbaar by: http://dx.doi.org/10.4102/ids.v49i1.1856

Scofield, C.I., 2002, *The Scofield study Bible*, Oxford University Press, New York.

Verhoef, P.A., 1987, *The books of Haggai and Malachi*, William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids.

Thomas, R. L, 1995, *Revelation 8-22: An exegetical commentary*, Moody Publishers, Chicago.

Toussaint, S.D., 1980, *Behold the King: A study of Matthew*, Kregel Publications, Grand Rapids.